

HOOFSTUK 3

'N INTERNASIONALE PERSPEKTIEF OP GESINSOPVOEDING IN SKOLE

1. DOEL MET DIE HOOFSTUK

Die doel met hierdie hoofstuk is om deur middel van navorsing inligting rakende Gesinsopvoeding in die buiteland te versamel wat moontlik lig kan werp op die ontwerp van 'n Gesinsopvoedingsprogram vir skole in Suid-Afrika.

Om die verskynsel voldoende te belig is dit veral nodig om op die volgende aspekte in die navorsing te fokus:

- Die doel (of spesifieke uitkomste) met Gesinsopvoeding in die buiteland.
- Wie verantwoordelik is vir die vasstelling van die kurrikulum.
- Die verskillende benaminge van die programme.
- Hoe Gesinsopvoeding in skoolroosters figureer.
- In hoe 'n mate ouers by die Gesinsopvoedingsprogramme betrek word.
- Die kwaliteite en opleiding waarvoor opvoeders moet beskik om Gesinsopvoeding te onderrig.
- Die programinhoud voorgeskryf vir Gesinsopvoeding.

2. INLEIDING

Die gesin as universele verskynsel is wêreldwyd belangrik. In die gesin word probleme ervaar as gevolg van 'n wye verskeidenheid oorsake. Gesinsprobleme soos egskeiding, huwelikstwis en geweld is wêreldwye tendense.

Ook in die buiteland word daar na oplossings gesoek vir gesinsprobleme en word hulpprogramme ingestel. Daarom word Gesinsopvoeding wêreldwyd in skole oorweeg met die oog op die opvoeding van die kind vir 'n eie gelukkige gesinslewe eendag in die toekoms. Sommige van hierdie programme is proaktief van aard terwyl ander weer reaktief op hulp ingestel is. Die Gesinsopvoedingsprogramme wat in

skole in die buiteland aangebied word, is hoofsaaklik proaktief van aard alhoewel hulpprogramme ook voorkom.

Vir die doeleindes van hierdie studie is navorsing van programme van 'n verskeidenheid lande onderneem met die doel om moontlik lig te werp op die ontwerp van 'n Gesinsopvoedingsprogram vir skole in Suid-Afrika. Skrywes is aan buitelandse ambassades gerig en responsies wat van die volgende lande ontvang is, word in hierdie hoofstuk weergegee:

Die Verenigde State van Amerika

Kanada

Denemarke

Nieu-Seeland

Die Verenigde Koninkryk

Nigerië

Uganda

Zimbabwe

Kenya

3. GESINSOPVOEDING IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA

3.1 Algemene inleidende opmerkings

Die Verenigde State van Amerika (hierna genoem VSA) beskik oor 'n Federale Regering. Volgens die Konstitusie van die Federale Regering, berus die verantwoordelikheid vir onderwys by die verskillende state. Elke staat funksioneer outonoom wat verdere outonomieit aan skooldistrikte, skole en plaaslike skoolbeheerrade mag verleen. By so 'n regeringstelsel mag die sillabusse van die verskillende state en selfs skooldistrikte verskil (National Commission on Excellence in Education 1997:6-8).

In die literatuur wil dit voorkom asof die woord "kurrikulum" soos dit binne die konteks van die Gesinsopvoedingsprogram van die VSA voorkom, ooreenkom met die

woord “sillabus” binne Suid-Afrikaanse konteks. In hierdie hoofstuk sal die woord “kurrikulum” in plaas van “sillabus” gebruik word.

Die Federale Regering, state en skoolbeheerrade speel op die volgende wyses ’n rol by die vasstelling van die kurrikulum (National Commission on Excellence in Education 1997:6-8):

3.1.1 Organisering van onderwys in die VSA

3.1.1.1 Rol van die Federale Regering

Die verantwoordelikheid van die Federale Regering is om finansiële ondersteuning en leierskap aan onderwysinstansies te verskaf, maar die Federale Regering het geen direkte beheer oor die onderwys in die 50 state van die VSA nie (National Commission on Excellence in Education 1997:6).

3.1.1.2 Rol van die state en skooldistrikte

Aangesien elke staat met sy onderskeie skooldistrikte in die VSA verantwoordelik is vir ’n eie onderwysstelsel, verskil die beleid sowel as die praktyk in die state van mekaar. Elke staat beskik oor ’n eie Departement van Onderwys met ’n Hoof-Superintendent of Kommissaris van Onderwys wat oorhoofs verantwoordelik is vir die organisasie en administrasie van die onderwys (National Commission on Excellence in Education 1997:6).

Onder elke staat se Departement van Onderwys kom ’n aantal skooldistrikte voor. Elkeen van die ongeveer 15 500 skooldistrikte mag outonoom besluite neem rakende die implementering van die kurrikulum en die organisering en funksionering van ’n eie skoolstelsel. Skooldistrikte verleen ook ’n groot mate van outonomie aan skole. ’n Verskeidenheid benaderings ten opsigte van Gesinsopvoeding in die VSA kom voor aangesien elke skooldistrik of selfs elke skool oor ’n eie kurrikulum mag beskik (Savva 1997:Personal correspondence).

3.1.1.3 Rol van plaaslike skoolbeheerrade

Skoolbeheerrade verteenwoordig die ouers van die leerders in 'n bepaalde skool. 'n Groot mate van outonomie word aan plaaslike skoolbeheerrade verleen oor die wyse waarvolgens skole mag opereer. Gesinsopvoedingskurrikula word by sommige skole in samewerking met plaaslike skoolbeheerrade saamgestel (National Commission on Excellence in Education 1997: 7).

3.1.2 Algemene doelstellings met Gesinsopvoeding: 'n oorsigtelike beskouing

Navorsing deur Arcus, Schvaneveldt & Moss (1993:10) toon dat 'n verskeidenheid doelstellings vir Gesinsopvoeding deur verskillende navorsers en instansies in die VSA geformuleer is. Die volgende is enkele voorbeelde.

- Die belangrikste doel van Gesinsopvoeding in die skool is om die leerder te leer om die verhoudings in die huwelik te verstaan.
- Die voorbereiding van kinders vir 'n eie gesinslewe in die toekoms is 'n belangrike doel van Gesinsopvoeding in Amerikaanse skole. Hieruit vloei vier subdoelstellings, naamlik:
 - Om jouself en ander te verstaan;
 - om menslike seksualiteit te verstaan en daarby aan te pas;
 - om die huwelik en die gesin te verstaan;
 - om vaardighede te bemeester wat noodsaaklik is vir lewe in 'n gesin.
- Die primêre doel van Gesinsopvoeding is om bande in gesinne te bou en om die leerder te leer van menslike groei asook ontwikkeling en gedrag binne die gesinsopset. Dit is ook belangrik om die kind voor te berei vir 'n eie huwelikslewe.
- Die doel met Gesinsopvoeding in die skool is om

- die leerder op te voed vir 'n eie gesinslewe in die toekoms;
- die leerder te lei om sy interpersoonlike verhoudings te verbeter;
- die kind te leer om insig te verkry in homself, ander en die omgewing;
- die kind op te voed om eie rasonale besluite te neem.

Arcus et al. (1993:12) kom tot die slotsom dat die fundamentele doelstelling van Gesinsopvoeding op skool is om die kind voor te berei vir verantwoordelike volwassenheid met die oog op 'n eie stabiele gesinslewe en "to strengthen and enrich individual and family well-being."

Uit bostaande inligting wil dit voorkom asof Gesinsopvoeding in die VSA aangebied word met die oog op die voorbereiding van die kind vir 'n eie huwelik en gesinslewe.

3.1.3 Benaming van programme: 'n oorsigtelike beskouing

Aangesien elkeen van die skooldistrikte in die VSA outonoom funksioneer, word daar in elke skooldistrik 'n eie benaming vir programme gebruik (National Commission on Excellence in Education 1997:7, Savva 1997:Personal correspondence).

Dit blyk dat die volgende benaminge vir Gesinsopvoedingsprogramme in die verskillende distrikte gebruik word (Van Rooyen 1985:70, Arcus, Schvaneveldt & Moss 1993:45, National Commission on Excellence in Education 1997:7):

Family Life Education.

Family Life and Sex Education.

Responsible Personhood.

Life Science.

Family Living.

Child Development Specialized Course.

Conceptual Framework for Homemaking Education.

Family Health.

Health Instruction.

Home Economics.

Life Management Education.

Family and Consumer Education.

Health Education.

Consumer and Family Science.

Behalwe vir die verskillende benaminge, wil dit ook voorkom asof Gesinsopvoedingsprogramme in sommige skooldistrikte as 'n geïntegreerde onderdeel van ander vakke (byvoorbeeld Gesondheidsopvoeding) aangebied word (Van Rooyen 1985:70, National Commission on Excellence in Education 1997:11, Savva 1997:Personal correspondence).

3.2 GESINSOPVOEDING IN FLORIDA

3.2.1 Inleiding

Die kurrikulum vir Gesinsopvoeding in hierdie staat fokus op vier temas. Die kurrikulum is op so 'n wyse saamgestel dat daar by elke tema algemene en spesifieke uitkomstes voorgeskryf word. Die programinhoud is nie in klasgroepe of ouderdomsgroepe verdeel nie en dit wil voorkom asof die opvoeder self die programinhoud moet verbesonder.

In die beskikbare literatuur word slegs melding gemaak van die benaming van die program en die programinhoud. Daar word nie melding gemaak van aangeleenthede soos die roosterindeling en opvoedersopleiding nie. Eersgenoemde twee punte sal vervolgens bespreek word.

3.2.2 Benaming en status van die program

Gesinsopvoeding in Florida vorm 'n onderdeel van Gesondheidsopvoeding. Hierdie onderdeel van Gesondheidsopvoeding staan bekend as "Family Life Education" en fokus op vier temas naamlik Persoonlike, Sosiale en Gesinsverhoudinge, Lewensvaardighede, Ouerskap I en Ouerskap II (Florida Department of Education 1997:1-10).

3.2.3 Programinhoud van “Family Life Education”

3.2.3.1 Persoonlike, Sosiale en Gesinsverhoudinge

3.2.3.1a Algemene uitkomstes

Met hierdie tema word beoog om gevorderde kennis en vaardighede by leerders te ontwikkel wat positiewe sosiale en emosionele interaksies en verhoudings sal bevorder.

3.2.3.1b Spesifieke uitkomstes

Na suksesvolle voltooiing van hierdie tema behoort die student

- i. die basiese fisiese en psigologiese behoeftes van die mens te kan beskryf.
- ii. die kenmerke van emosionele volwassenheid en 'n gesonde persoonlikheid te kan identifiseer.
- iii. die belangrikheid van selfkennis en selfaanvaarding te kan verstaan.
- iv. die belangrikheid van verdraagsaamheid teenoor en aanvaarding van ander te kan bespreek.
- v. oor interpersoonlike vaardighede te kan beskik om verhoudings te handhaaf en te verbeter.
- vi. die positiewe en negatiewe effekte van stres te kan identifiseer.
- vii. positiewe maniere te kan toepas om portuurgroepdruk te hanteer.
- viii. vaardighede te kan ontwikkel vir die vestiging, handhawing en verbetering van vriendskappe.
- ix. kenmerke van 'n suksesvolle huweliksmaat te kan evalueer.
- x. die rolle, verhoudings, regte en verantwoordelikhede van gesinslede te verstaan.
- xi. konstruktiewe strategieë vir die hantering van gesinsprobleme soos konflik, swak kommunikasie, skeiding, egskeiding, mishandeling, dood, hervestiging van nuwe lede te kan hanteer.
- xii. die verantwoordelikhede wat met ouerskap gepaard gaan te ken.

- xiii. die ontwikkelingstadia van kinders te verstaan, insluitend die fisiese, verstandelike en emosionele behoeftes wat in elke stadium voorkom.
- xiv. vaardighede vir effektiewe ouerskap te kan toepas.
- xv. die belangrikheid van wedersydse getroue monogame seksuele verhoudings vir die handhawing van persoonlike en gesinsgesondheid te kan bespreek.

3.2.3.1c Inhoud

In die programinhoud word onderwerpe verskaf (Florida Department of Education 1997:1-8). Die volgende onderwerpe kom onder hierdie tema voor:

- 'n Grondige studie van basiese menslike behoeftes;
- kenmerke van geestelike en verstandelike gesondheid asook emosionele volwassenheid;
- selfkennis;
- aanvaarding van die self;
- verdraagsaamheid;
- interpersoonlike vaardighede;
- stresbeheer en streshantering;
- gesin, tydgenote en sosiale verhoudings;
- huwelik;
- ouerskap;
- die hantering van gesinsprobleme.

3.2.3.2 Lewensvaardighede

3.2.3.2a Algemene uitkomst

Die uitkomst wat met hierdie tema (kyk 3.2.3.2 van hierdie hoofstuk) beoog word, is om lewensvaardighede by leerders te ontwikkel wat noodsaaklik is vir verantwoordelike besluitneming en positiewe gedrag.

3.2.3.2b Spesifieke uitkomstes

Na suksesvolle voltooiing van hierdie tema behoort die student

- i. vaardighede wat interpersoonlike kommunikasie bevorder, te kan toepas.
- ii. vaardighede wat interpersoonlike verhoudings bevorder, te ken.
- iii. vaardighede vir tyd- en stresbestuur te kan toepas.
- iv. verantwoordelike besluite te kan neem.
- v. 'n persoonlike plan te kan implementeer vir persoonlike welstand en gesondheid.
- vi. te verstaan wat die fisiese, verstandelike, emosionele, sosiale, ekonomiese en wetlike gevolge is van die gebruik en misbruik van dwelms, alkohol en tabak op die individu, die gesin en die gemeenskap.
- vii. kriteria vir selfdissipline en vir die maak van verantwoordelike verbruikersbesluite te kan toepas.
- viii. die funksies van gesondheids-, verbruikers- en sosiale dienste en ander organisasies in die gemeenskap te ken.
- ix. seksueel oordraagbare siektes te kan identifiseer.
- x. die fisiese, verstandelike, emosionele, sosiale, ekonomiese en wetlike gevolge van buite-egtelike seksualiteit en die waarde van onthouding te kan verstaan (Florida Department of Education 1997:1-8).

3.2.3.2c Inhoud

Die inhoud sluit die volgende onderwerpe in:

- Positiewe emosionele ontwikkeling;
- kommunikasie- en interpersoonlike vaardighede;
- verantwoordelike besluitneming en beplanning;
- substansgebruik en misbruik, insluitend die gevaar van rook;
- gemeenskapshulpbronne;
- noodhulp vir 'n beskadigde lugkanaal;
- HIV/VIGS;

- menslike seksualiteit en die voorkoming van swangerskap.

Dit is interessant dat 'n spesiale nota in hierdie tema die opvoeder se aandag daarop vestig dat leerders se ouers 'n skriftelike versoek kan rig om leerders vry te stel van die onderrig van VIGS (Florida Department of Education 1997:8).

3.2.3.3 Ouerskap I

3.2.3.3a Algemene uitkomst

Die uitkomst wat met hierdie tema beoog word, is om vaardighede by leerders te ontwikkel en inligting aan hulle te voorsien wat hulle in staat sal stel om kinders te versorg en te kan opvoed (Florida Department of Education 1997:8).

3.2.3.3b Spesifieke uitkomstes

Na suksesvolle voltooiing van hierdie tema behoort die student

- i. basiese vaardighede wat nodig is vir die versorging van kinders te kan demonstreer.
- ii. die fisiese, sosiale en verstandelike ontwikkeling van kleuters te kan bespreek.
- iii. die rol van die ouer in die handhawing van gesonde gesinsverhoudinge te kan bespreek.
- iv. die belangrikheid van 'n gesonde emosionele omgewing vir die ontwikkeling van die kind te kan verduidelik.
- v. belangrike elemente van 'n veilige omgewing vir 'n kleuter te kan identifiseer.
- vi. vaardighede vir die versorging van 'n siek of beseerde kind te kan demonstreer.
- vii. die regte en verantwoordelikhede van 'n ouer met betrekking tot gesondheidsorg, skool, ouerskap en gemeenskapsondersteuningsdienste te verstaan.
- viii. basiese verbruikersvaardighede in die seleksie van produkte en dienste vir die kleuter te kan demonstreer.



- ix. die gevolge van dwelmmisbruik, seksueel oordraagbare siektes en HIV/VIGS op die ongebore baba te verstaan (Florida Department of Education 1997:8).

3.2.3.3c Inhoud

Die volgende onderwerpe word voorgeskryf (Florida Department of Education 1997:9):

- Versorging van babas en kinders;
- groei en ontwikkeling van kinders;
- voeding, kinderveiligheid, versorging van siek of beseerde kinders;
- die bou van positiewe gesinsverhoudinge;
- regte en verantwoordelikhede van ouers;
- verbruikersvaardighede.

3.2.3.4 Ouerskap II

3.2.3.4a Algemene uitkomst

Die uitkomst wat met hierdie tema beoog word, is om aan leerders die kennis en vaardighede te leer wat hulle in staat sal stel om vir 'n peuter en voorskoolse kind te kan sorg.

3.2.3.4b Spesifieke uitkomstes

Na suksesvolle afhandeling van hierdie tema behoort die student (Florida Department of Education 1997:9-10)

- i. die fisiese, sosiale en verstandelike ontwikkeling van die peuter en voorskoolse kind te kan beskryf.
- ii. tekens en simptome van kindermishandeling en -verwaarlosing te kan identifiseer en die voorkoming daarvan te verstaan.
- iii. toereikende ouer-kind kommunikasievaardighede te kan demonstreer.

- iv. belangrike faktore vir 'n veilige omgewing vir die peuter en voorskoolse kind te kan identifiseer.
- v. leer- en speelaktiwiteite te kan identifiseer wat die ontwikkeling van die peuter en voorskoolse kind kan bevorder.
- vi. basiese vaardighede vir die verbetering van kinders se gedrag te kan toepas.
- vii. die belangrike invloed van die voorbeeld wat ouers op die ontwikkeling van 'n kind stel, te kan besef.

3.2.3.4c Inhoud

Die volgende onderwerpe is voorgeskryf (Florida Department of Education 1997:11):

- Groei en ontwikkeling van die peuter en voorskoolse kind;
- kindermishandeling en –verwaarlosing;
- ouer-kind kommunikasie;
- kinderveiligheid;
- gedragsbestuur (behaviour management);
- versorging van kinders en speelaktiwiteite;
- die voorbeeld wat ouers aan kinders stel;
- ontwikkelingstake van die peuter soos stap en toiletgebruik.

3.2.4 Gevolgtrekkings

Uit 'n bestudering van die leerinhoud van die Gesinsopvoedingsprogram soos dit in die Staat Florida gebruik word, blyk dit dat daar aandag geskenk word aan die bevordering van leerders se intellektuele, sosiale en emosionele ontwikkeling. Leerders word voorberei vir sekere fasette van kinderopvoeding deur byvoorbeeld aandag te skenk aan die versorging en fisiese ontwikkeling van babas en kleuters. Dit is opmerklik dat inhoud oor die fisiese ontwikkeling van die adolessent egter ontbreek terwyl dit baie nodig is. Dit is nie duidelik of hierdie aspek in 'n ander program aangespreek word nie.

Aandag word geskenk aan die aanleer van lewensvaardighede soos kommunikasie, verantwoordelike besluitneming, hantering van gesinsprobleme en stres en verbruikersvaardighede. Klem word gelê op sosiale vaardighede soos die bevordering van interpersoonlike verhoudings deur aandag te skenk aan aspekte soos verdraagsaamheid. 'n Positiewe selfbeeld word by leerders ontwikkel deurdat daar gefokus word op leerinhoud wat gemik is op selfkennis en selfaanvaarding.

In die leerinhoud is dit duidelik dat die voorbereiding van die kind vir ouerskap hoë prioriteit geniet deurdat aandag geskenk word aan twee temas (kyk 3.2.3.3 en 3.2.3.4 van hierdie hoofstuk) oor ouerskap. Onderwerpe soos die regte en verantwoordelikhede van ouers, kinderveiligheid en die grootmaak van kinders word behandel. In die Gesinsopvoedingprogram word daar ook aandag geskenk aan sosiale probleme soos kindermishandeling en –verwaarlosing, dwelm- en alkoholgebruik, tienerswangerskappe en HIV/VIGS.

3.3 GESINSOPVOEDING IN MICHIGAN

3.3.1 Inleiding

In die VSA was alle state se onderwysdepartemente tot in 1994 betrokke by onderwys hervorming. Hierdie hervorming het bekend gestaan as “The Nation at Risk: The Imperative for Education Reform” (Michigan State Board of Education 1997:1). Volgens hierdie vernuwing moet daar in die onderwys hervorming eerder op kwalitatiewe as op kwantitatiewe veranderinge gefokus word. In Michigan het die owerhede met onderwys hervorming veral laasgenoemde ten doel gehad (Michigan State Board of Education 1997:1,2).

Gesinsopvoeding in Michigan word gerig op die bevordering van leerders se kennis, vaardighede en houdings. Die kurrikulum is op so 'n wyse saamgestel dat die leeruitkomstes aandui wat leerders behoort te ken en te kan doen om deelnemende en ondersteunende lede van gesinne en die samelewing te kan wees (Michigan State Board of Education 1997:2).

Die kurrikulum vir “Life Management Education” is in tien leereenhede ingedeel. Elkeen van die leereenhede het ’n doelwit en die leerinhoud is ingedeel vir elementêre, middelbare- en hoërskole.

Die voorgeskrewe kurrikulum vir “Life Management Education” is verpligtend, maar skole word nie net tot die inhoud daarvan beperk nie. Skooldistrikte en skole mag die kurrikulum aanpas volgens eie behoeftes (byvoorbeeld beskikbaarheid van periodes en multikulturele behoeftes) (Michigan State Board of Education 1997:2). Die inligting wat uit die navorsing verkry is, maak nie melding van aangeleenthede soos periodetoewysing en opvoedersopleiding nie. Daar word slegs melding gemaak van die benaming van die program, die oorkoepelende doelstelling, asook die programinhoud. In die bespreking wat volg, sal daar op die laasgenoemde drie punte gefokus word.

3.3.2 Benaming van die program

Die oorkoepelende onderwysbeheerliggaam in Michigan (Michigan State Board of Education) het die benaming vir Gesinsopvoedingsprogramme vasgestel as “Life Management Education”.

3.3.3 Vastelling van die kurrikulum

Die Michigan State Board of Education (1997:2) het aan alle skole ’n kurrikulum vir “Life Management Education” voorsien. Hierdie kurrikulum voldoen aan die vereistes van “Goals 2000”, die beleidsdokument, en fokus hoofsaaklik op die opvoeding van leerders vir kwaliteit gesinslewe.

3.3.4 Visiestelling vir Gesinsopvoeding

Dit wil voorkom asof die begrip “visiestelling” in die Amerikaanse konteks dieselfde betekenis het as wat die begrip “doelstelling” in die Suid-Afrikaanse konteks het. Uit die literatuur (Michigan State Board of Education 1997:6) wil dit voorkom asof “Life Management Education” ’n omvangryke opvoedingsprogram is wat hoofsaaklik

daarop gemik is om lewenskwaliteit te bevorder. Aandag word veral geskenk aan die bevordering van die onmiddellike gesinslewe van die kind asook sy eie gesin eendag in die toekoms. Die vaardighede wat die kind aanleer moet ook 'n bydrae kan lewer tot sy aanpassing en sukses in sy latere beroepssituasie en gemeenskapslewe. “Students are prepared for balancing the multiple roles of family member, worker and citizen” (Michigan State Board of Education 1997:6). Die doelstellings met die program word baie vaag in die literatuur omskryf. Dit wil voorkom asof daar gemik word op die voorbereiding van die leerder om

- sy eie gesinsrolle te kan vervul en suksesvolle verhoudings te kan aanknoop.
- babas te kan versorg en te koester.
- ingestel te wees op persoonlike groei en dit ook te kan evalueer.
- etiese reëls in sy persoonlike en gesinslewe te kan toepas.
- essensiële gesinsgesondheid te kan bevorder.
- verantwoordelike verbruikersgedrag te kan openbaar en die voordele daarvan op die gesin te kan bepaal.
- sosiale en burgerlike verantwoordelikheid te kan verstaan asook die intergerelationeerde daarvan.
- die effek van sosiale en tegnologiese veranderinge op die gesin te kan hanteer.

3.3.5 Programinhoud van “Life Management Education”

Die volgende leerinhoud in leereenhede 1 tot 10 word in tabelvorm aangebied. Die tabelle moet vertikaal en nie horisontaal gelees word nie.

3.3.5.1 Leereenheid 1

Doelwit: Leerders behoort aan die einde van hierdie leereenheid die nodige vaardighede te kan openbaar wat nodig is om in die gesin, die werkplek en die gemeenskap te funksioneer (Michigan State Board of Education 1997:7-8).

Elementêre skool	Middelbare skool	Hoërskool
Ontwikkel 'n waardering vir die bydrae van die gesin in die lewe van die individu, die gemeenskap en die samelewing.	Ondersoek die verhouding tussen gesins- en gemeenskaps-regte en -verantwoordelikhede.	Evalueer die faktore wat 'n balans tussen die gesinslewe en die beroepslewe kan beïnvloed.
Identifiseer die verskillende rolle wat individue in die gesin, die gemeenskap en die werkomgewing vervul.	Identifiseer die gevolge wat mag ontstaan in 'n gesin wanneer albei ouers 'n loopbaan beoefen.	Evalueer die interverhouding tussen beroeps- en gesinsrolle.
Ondersoek onderlinge gesinsverhoudinge.	Identifiseer verhoudinge tussen persoonlike, beroeps- en gesinsdoelstellings.	Demonstreer positiewe maniere van kommunikasie wat in die gesin, by die skool en die werkomgewing gebruik word.
Beoefen daaglikse bestuursvaardighede (byvoorbeeld persoonlike, tyds- en hulpbronbestuur).	Identifiseer persoonlike prioriteite en verantwoordelikhede.	Demonstreer lewensvaardighede wat nodig is in die persoonlike, gesins-, beroeps- en gemeenskapslewe.
Ondersoek bestuursvaardighede wat toegepas word in die gesin, werkplek en sosiale lewe.	Analiseer die impak van veranderende rolle op verhoudinge en die wyse waarop lewensvaardighede daardeur beïnvloed word.	Ondersoek gesindhede wat nodig is om 'n gebalanseerde gesins- sowel as beroepslewe te kan hê.
Ondersoek die invloed van die beroepslewe op die gesin.	Ondersoek die invloed van die gemeenskap en beroep op die gesin.	

3.3.5.2 Leereenheid 2

Doelwit: Aan die einde van hierdie leereenheid behoort leerders te kan begryp watter fases die gesin deurloop en op watter wyses daar vir gesinslede gesorg en verantwoordelikheid geneem word (Michigan State Board of Education 1997:8-9).

Elementêre skool	Middelbare skool	Hoërskool
Beskryf die kenmerke van 'n gesin.	Beskryf wat met de begrip "menslike ontwikkeling" verstaan word.	Beskryf en analiseer die behoeftes en verantwoordelikhede van ouers deur die fases wat die gesin deurloop.
Beskryf die belangrikheid van 'n gesin.	Bepaal waarom die individu gereed vir ouerskap is en besluite as 'n ouer kan neem.	Bepaal die ondersteuningstelsels wat individue ondersteun in hulle rolle as opvoeders en ouers.
Identifiseer maniere hoe om effektief te kommunikeer.	Verduidelik die belangrikheid van 'n koesterende omgewing vir persoonlike/gesinsgroeï en ontwikkeling.	Demonstreer noodsaaklike vaardighede in die fisiese, sosiale en emosionele versorging en opvoeding van gesinslede.
	Ondersoek die rolle en verantwoordelikhede van opvoeders en ouers.	Ontwikkel 'n omvattende plan om besluite te kan maak in verband met werk en die gesin.
		Identifiseer die versorgingsbehoeftes van gesinslede in al die fases wat die gesin deurloop.

3.3.5.3 Leerinhoud 3

Doelwit: Aan die einde van hierdie leereenheid behoort leerders in staat te wees om te begryp watter faktore 'n invloed het op menslike ontwikkeling (Michigan State Board of Education 1997:9-10).

Elementêre skool	Middelbare skool	Hoërskool
Identifiseer en heg waarde aan eie, unieke, persoonlike kenmerke.	Identifiseer vermoëns wat die verwerwing van persoonlike prestasies beïnvloed.	Evalueer persoonlike bekwaamhede, belangstellings en vermoëns.
Bepaal persoonlike reëls en prioriteite.	Onderskei tussen gesonde gedrag en hoë risiko gedrag.	Evalueer persoonlike groei en ontwikkeling.
Ondersoek fisiese, emosionele, intellektuele en sosiale ontwikkeling.	Bring menslike behoeftes in verband met teorieë van menslike ontwikkeling.	Demonstreer verantwoordelike gesindhede en optredes wanneer jy vir jouself en ander sorg.
Identifiseer realistiese self-verwagtinge.	Ontwikkel verhoudings met tydgenote en volwassenes.	Bestuur probleme en krisisse.
	Identifiseer faktore wat groei en ontwikkeling beïnvloed.	Internaliseer persoonlike en ander se verwagtinge.
		Beoefen besluitnemingsvaardighede.

3.3.5.4 Leereenheid 4

Doelwit: Aan die einde van hierdie leereenheid behoort leerders te weet watter etiese reëls in sy persoonlike en gesinslewe behoort te geld. Hy behoort ook in staat te wees om hierdie reëls veral in besluitneming te kan toepas (Michigan State Board of Education 1997:11).

Elemêntere skool	Middelbare skool	Hoërskool
Identifiseer die gevolge van reg en verkeerd.	Identifiseer interne en eksterne faktore wat die implementering van 'n persoonlike plan van aksie kan versterk of vertraag.	Bespreek die implementering van 'n persoonlike plan vir die lewe.
Beskryf die rol van etiek in suksesvolle besluitneming.	Ontwikkel strategieë om probleme te oorkom.	Evalueer die impak van verantwoordelike besluite op individue en gesinne.
Funksioneer suksesvol in 'n omgewing waar daar reëls, regulasies en prosedures bestaan.	Analiseer hoe vooroordele, stereotiperings en partydigheid 'n invloed op etiese en verantwoordelike besluitneming kan uitoefen.	Evalueer die invloed en impak van 'n verantwoordelike besluite op individue en die gemeenskap.
Pas die besluitnemingsproses toe soos dit verband hou met individuele en gesinslewenstyle.	Beskryf die verband tussen persoonlike prioriteite en etiese oorwegings.	Wend etiek aan in die uitvoering van persoonlike en gesinsbesluitnemingsverantwoordelikhede.
Verduidelik hoe impulsiewe besluite toekomsbesluite kan beïnvloed.		Verskaf voorbeelde van selftandige besluitneming.
Beskryf hoe besluite verantwoordelikhede vir 'n mens inhou.		

3.3.5.5 Leereenheid 5

Doelwit: Aan die einde van hierdie leereenheid behoort leerders gesins-, sosiale en burgerlike verantwoordelikhede te ken.

Elementêre skool	Middelbare skool	Hoërskool
Identifiseer geleenthede om persoonlike en sosiale bydraes te kan lewer.	Identifiseer voorbeelde van gesins-, sosiale en burgerlike verantwoordelikhede.	Pas geïdentifiseerde gesins-, sosiale en burgerlike verantwoordelikhede toe.
Aanvaar en wees bewus van diversiteit insluitende ras, kulture, geslag en gestremdheid.	Respekteer die sosiale en kulturele bydrae van elke individu.	Bespreek individuele en kulturele diversiteit.
Identifiseer die verantwoordelikhede van elke lid in die huisgesin.	Identifiseer wetlike verantwoordelikhede van individue en gesinne.	Bespreek die regte en verantwoordelikhede van individue en gesinne.
		Onderskei tussen die regte en verantwoordelikhede van die gesin en die gemeenskap.

3.3.5.6 Leerinhoud 6

Doelwit: Aan die einde van hierdie leereenheid behoort elke leerder 'n eie plan vir persoonlike en gesinswelsyn te kan formuleer (Michigan State Board of Education 1997:12).

Elementêre skool	Middelbare skool	Hoërskool
Identifiseer maniere hoe 'n individu se gedrag die gemeenskap se gesondheid kan beïnvloed.	Bespreek 'n individu se verantwoordelikheid vir persoonlike veiligheid en die veiligheid van ander.	Bespreek die voorsiening van 'n veilige en gesonde omgewing.
Onderzoek die voedselpiramide.	Demonstreer toepaslike gedrag in gesimuleerde noodsituasies.	Bespreek die verantwoordelikheid vir die handhawing van 'n gesonde omgewing.
Identifiseer verantwoordelikhede binne die huisgesin.	Identifiseer persoonlike verantwoordelikhede vir goeie gesondheid.	Evalueer die effek van voeding op die geestelike/fisieke werkverrigting en stresvlak van die gesin.
Stel riglyne vir aanbevole diëte.	Bepaal daaglikse dieetbehoefte van individue in verskillende vlakke van die gesinsiklus.	Bespreek alternatiewe vir die hantering van gesinskonsflik.
Identifiseer maniere om persoonlike veiligheid te handhaaf.	Onderzoek gesinsgeweld.	Onderzoek redes hoe stres by individue en gesinne veroorsaak word.
		Beoefen stres bestuursvaardighede wat noodsaaklik is vir die oplossing van konflik binne persoonlike, veelsydige rolle.
		Verskaf kriteria vir 'n veilige en gesonde omgewing.

3.3.5.7 Leereenheid 7

Doelwit: Aan die einde van hierdie leereenheid behoort die leerders die veranderinge wat in die gesin sowel as in die gemeenskap plaasvind en die wedersydse beïnvloeding daarvan, te verstaan (Michigan State Board of Education 1997:13).

Elementêre skool	Middelbare skool	Hoërskool
Identifiseer samelewingsveranderinge wat persoonlike en gesinsbehoefte beïnvloed.	Beskryf die huidige samelewingsveranderinge en die gevolge daarvan.	Analiseer die verloop van veranderinge binne die gesin.
Identifiseer maniere hoe individue en gesinne op verandering kan reageer, daarby kan aanpas en veranderinge kan inisieer.	Identifiseer die impak van samelewingsveranderinge op die individu en die gesin.	Evalueer die impak van samelewingsveranderinge op die eenheid van die gesin.
	Ondersoek veranderinge binne die gesin vanuit 'n historiese perspektief.	Herken persoonlike verantwoordelikheid en die behoefte van die gesin om sosiale veranderinge te bestuur en daarby aan te pas.

3.3.5.8 Leereenheid 8

Doelwit: Aan die einde van hierdie leereenheid behoort leerders verantwoordelike verbruikersgedrag te ken en die regte en verantwoordelikhede van die individu in die gesin te verstaan (Michigan State Board of Education 1997:13-14).

Elementêre skool	Middelbare skool	Hoërskool
Identifiseer die behoeftes van verbruikers.	Beskryf die verhouding tussen 'n verantwoordelike produseerder en verbruiker.	Gebruik ekonomiese hulpbronne verantwoordelik om individuele en gesinsbehoefte te bevredig.
Identifiseer faktore wat begeertes en behoeftes beïnvloed.	Ondersoek die wyse waarop persoonlike prioriteite en doelwitte die besluite van 'n verbruiker beïnvloed.	Pas vaardighede toe wat verband hou met verbruikersregte en –verantwoordelikhede om persoonlike en gesinsbehoefte te bevredig.
Identifiseer effektiewe bewaringspraktyke.	Bewaar persoonlike en gemeenskapshulpbronne.	

3.3.5.9 Leereenheid 9

Doelwit: Aan die einde van hierdie leereenheid behoort die leerders die effek van tegnologie op die gesin te kan evalueer. Leerders behoort ook die aanpassings wat die gesin ten opsigte van veranderings moet maak, te verstaan (Michigan State Board of Education 1997:14).

Elementêre skool	Middelbare skool	Hoërskool
Identifiseer voorbeelde en gebruike van tegnologie in die huis, skool en gemeenskap.	Bepaal die tegnologie wat benodig word om gegewe probleme op te los.	Demonstreer die gebruik van tegnologie wat 'n impak op die gesin kan hê.
Ondersoek hoe dinge gedoen is voor die kom van nuwe tegnologiese ontwikkelings.	Analiseer die impak van die tegnologie op die individu en die gesin.	Identifiseer die positiewe en negatiewe impak van tegnologie op kinders en hulle gesinne gebaseer op aktuele gevallestudies.
	Evalueer die ekonomiese implikasies van nuwe tegnologie vir gesinsgebruik.	Voorspel hoe die gesin, die werksituasie en die skool in die toekoms gaan verander.

3.3.5.10 Leereenheid 10

Doelwit: Aan die einde van hierdie leereenheid behoort leerders in staat te wees om gemeenskapshulpbronne te kan aanwend om die volgende probleme binne die gesin op te los (Michigan State Board of Education).

Elementêre skool	Middelbare skool	Hoërskool
Identifiseer 'n verskeidenheid menslike en nie-menslike hulpbronne wat beskikbaar is om doelwitte te bereik.	Analiseer gesinsangeleenthede wat eksterne hulpbronne vereis.	Help ander met die identifisering van gemeenskapshulpbronne.
Bespreek maniere om hulpbronne te gebruik.	Demonstreer die verantwoordelike gebruik van hulpbronne.	Ondersteun gemeenskapshulpbronne deur middel van vrywillige dienste.
Hulpbronne wat gesinne ondersteun.	Identifiseer bestaande hulpbronne en kreatiewe idees vir hulpbronontwikkeling.	Evalueer standaarde vir voldoende gebruik van gemeenskapshulpbronne.
		Gebruik persoonlike en gemeenskapshulpbronne om 'n probleem in die gesin op te los.

3.3.6 Gevolgtrekking

Dit wil voorkom asof die doelstelling met "Life Management Education" soos geformuleer in punt 3.3.4, in die verskillende leereenhede gereflekteer word. In die leerinhoud word daar gemik op die verryking van die kind se onmiddellike gesinslewe, sy eie gesinslewe in die toekoms, asook sy beroeps- en sosiale lewe in die gemeenskap. Aandag word ook geskenk aan die voorbereiding van die kind met die oog daarop om eietydse tendense te kan identifiseer, hanteer en akkommodeer, byvoorbeeld die invloed van tegnologie op die gesin, die gesin as verbruikerseenheid, die toenemende

eise van die beroepslewe en die invloed daarvan op die gesin wanneer beide ouers broodwinners is.

Uit 'n bestudering van die leerinhoud is dit verder duidelik dat daar aandag geskenk word aan die aanleer van vaardighede met betrekking tot tydsbestuur, hulpbronbestuur, kommunikasie, prioriteitstelling en persoonlike groei en ontwikkeling. Dit is verder duidelik dat die kind voorberei word vir die aanvaarding van sy verantwoordelikheid teenoor ander, hetsy dit die versorging en koestering van gesinslede is, of die ondersteuning van ouers, broers of susters soos wat die gesin deur die gesinsfases beweeg.

Aandag word ook geskenk aan die ontwikkeling van 'n persoonlike lewensplan vir elke kind. Hiermee saam word die aanleer van norme en waardes (etiese reëls) genoem. Dit wil voorkom asof "Life Management Education" gemik is op die opvoeding van die totale kind sodat hy/sy nie alleen sal "ken" nie (kennis) maar ook "kan" (vaardighede) en "wees" (houdings, gesindhede en waardes).

3.4 GESINSOPVOEDING IN IOWA

3.4.1 Inleiding

Navorsing met betrekking tot Gesinsopvoëding in Iowa het relatief min inligting opgelewer. Inligting in verband met die doelstellings, die vakstatus, die periodetoewysing, die verbesondering van inhoud, die gebruik van media en opvoedersopleiding is nie verskaf nie. In die inligting wat van die Iowa Departement van Onderwys ontvang is, is slegs temas verskaf (Iowa Department of Education 1997:9-14). Laasgenoemde riglyne bevat slegs temas wat verband hou met Gesinsopvoëding sonder enige aanduiding of uitbreiding aan die opvoeder oor hoe en watter inhoud onder elke tema of onderwerp behandel moet word.

3.4.2 Vastelling van die kurrikulum

Die Iowa Departement van Onderwys voorsien 'n kurrikulum vir Gesinsopvoeding aan skole. Daar word van skole verwag om die kurrikulum ooreenkomstig die behoeftes van die leerders en die gemeenskap uit te brei en te verfyn. Hierna moet die skool die kurrikulum by die Iowa Departement van Onderwys voorlê ten einde goedkeuring daarvan te verkry. Wat die aanbieding van die kurrikulum betref, bepaal elk van die 374 staatskole en die ongeveer 200 geakkrediteerde privaatskole self die wyse waarop die kurrikulum geïmplementeer word. 'n Verskeidenheid kurrikula ten opsigte van Gesinsopvoeding word dus in die verskillende skole van Iowa aangetref (Iowa Department of Education 1997:31).

3.4.3 Benaming van programme

Volgens die Iowa Departement van Onderwys word Gesinsopvoeding in Graad 1 tot 6 by Gesondheidsopvoeding geïntegreer en staan dit bekend as "Health Education". In Graad 7 en 8 staan Gesinsopvoeding bekend as "Family and Consumer Education" en in Graad 9 tot 12 as "Consumer and Family Science" (Iowa Department of Education 1997:9-14).

3.4.4 Programinhoud: "Health Education"

Die onderstaande onderwerpe word as riglyne deur die Iowa Departement van Onderwys voorgestel (Iowa Department of Education 1997:9-14):

3.4.4.1 "Health Education" (Graad 1 tot 6)

- Persoonlike gesondheid.
- Voedsel en voeding.
- Omgewingsgesondheid.
- Veiligheids- en oorlewingsvaardighede.
- Verbruikersgesondheid.
- Gesinslewe.



- Dwelmmisbruik.
- Menslike seksualiteit.
- Selfbeeld.
- Interpersoonlike verhoudinge.
- Streshantering.
- Emosionele en sosiale gesondheid.
- VIGS.

3.4.4.2 “Family and Consumer Education” (Graad 7 en 8)

- Ontwikkeling van ’n positiewe selfbeeld.
- Begrip van persoonlike groei en ontwikkeling.
- Verhoudings met portuurgroep.
- Verhoudings met gesinslede tuis.
- Verhoudings met die skool en die gemeenskap (insluitend volwassenes, minderjariges en gestremdes).
- Die gesin en die huis.
- Ouerskap.
- Kinderontwikkeling.
- Tekstiel en kleding.
- Verbruiker- en hulpbronnebestuur.
- Voedsel en voeding.
- Behuising.
- Individuele gesondheid.

3.4.4.3 “Consumer and Family Science” (Graad 9 tot 12)

- Veelvuldige rolle van huisbesorger en broodwinner.
- Voedsel en voeding.
- Verbruikersopvoeding.
- Gesinslewe en ouerskap.
- Kinderontwikkeling en voorligting.
- Gesins- en individuele gesondheid.

- Behuising en huisbestuur.
- Tekstiel en kleding.

3.4.5 Gevolgtrekkings

In die kurrikulum word aandag geskenk aan die verryking van die leerder deurdat temas soos persoonlike gesondheid, selfbeeld, veiligheids- en oorlewingsvaardighede en omgewingsgesondheid behandel word. Met laasgenoemde temas word die kind nie net geleer om sy persoonlike lewe te verbeter nie, maar ook om 'n verantwoordelike landsburger te wees.

In die leerinhoud word die aanleer van vaardighede soos veiligheid en oorlewing, streshantering en interpersoonlike verhoudings voorgestel. Dit wil voorkom asof leerders se gesindheid en houdings bevorder word deurdat aandag geskenk word aan die stigting van verhoudings met die portuurgroep, die gesinslede en die gemeenskap.

Aandag word ook geskenk aan die opvoeding van die totale kind. Verskeie fasette van menswees word aangespreek. In die leerinhoud word temas voorgestel wat die emosionele, sosiale, persoonlike en seksuele aspekte van die kind aanspreek. Hoewel daar aan 'n verskeidenheid aspekte aandag geskenk word, ontbreek temas wat dui op geestelike asook normatiewe begeleidng van die kind.

In die senior fase is daar aandag geskenk aan die voorbereiding van die kind vir die gemeenskapslewe, persoonlike lewe, gesinslewe en ouerskap. Die tema oor behuising en huisbestuur in hierdie fase is relevant vir die kontemporêre gesinslewe waar baie ouers weens beroepseise afwesig is.

Ten slotte wil dit voorkom asof daar in die Iowa Departement van Onderwys aandag geskenk word aan sosiale probleme soos dwelmmisbruik en die voorkoming van VIGS.

3.5 GESINSOPVOEDING IN NORTH CAROLINA

3.5.1 Inleiding

In North Carolina is die kurrikulum nie ingedeel volgens klasgroepe nie. Outonomieit word aan skole deur die onderwysdepartement gegee om die kurrikulum self uit te brei en te verfyn vir die verskillende ouderdomsgroepe.

In die respons van die North Carolina Departement van Onderwys is min inligting ontvang. Die programinhoud bevat slegs temas of onderwerpe sonder enige riglyne aan die opvoeder oor hoe, vir wie (klasgroep) en watter inhoud onder elke tema aangebied moet word. Inligting rakende vakstatus, doelstellings, periodetoewysings en opvoedersopleiding word ook nie verstrekkend nie.

3.5.2 Vasstelling van die kurrikulum

Die North Carolina Departement van Onderwys voorsien kurrikuleringsriglyne aan skole. Aanpassings met betrekking tot die verbesondering van inhoud ooreenkomstig die behoeftes van die leerders en die gemeenskap asook en die wyse van aanbieding, berus by die skool (Algozzine & Berne 1995:331).

3.5.3 Benaming van program

In North Carolina staan Gesinsopvoeding bekend as “Family Life Education”.

3.5.4 Programinhoud van “Family Life Education”

In North Carolina sien die programinhoud vir “Family Life Education” soos volg daaruit (Algozzine & Berne 1995:334-345):

- Die gesin as basiese eenheid van die samelewing;
- verandering van onderlinge verwantskap wat in die gesin kan intree as gevolg van egskeiding en sterfte;

- verlowing;
- saamwoon;
- kommunikasie tussen ouers en kinders;
- opvoeding van kinders: tradisionele versus kontemporêre opvoedingstyle;
- kindermishandeling;
- kinder-seksuele mishandeling;
- tienerswangerskap;
- besluitnemingsvaardighede;
- lewensvaardighede;
- puberteit;
- hantering van portuurgroepdruk;
- rolverwagting in die huwelik;
- intimiteit;
- bloedskande;
- seksualiteit en moraliteit;
- verantwoordelike ouerskap;
- effektiewe ouerskapsvaardighede;
- heteroseksuele verhoudinge;
- liefde versus verliefdheid;
- seksuele onthouding voor die huwelik;
- aborsie;
- pornografie;
- VIGS;
- prostitusie;
- wettige verantwoordelikheid van ouers teenoor kinders.

3.5.5 Gevolgtrekkings

In “Family Life Education” word melding gemaak van leerinhoud wat gemik is op die verryking van die kind se onmiddellike gesinslewe, sy eie gesinslewe eendag in die toekoms asook sy sosiale lewe buite die gesin.

Dit wil voorkom asof daar in die program ook aandag geskenk word aan verantwoordelike gedrag deur aspekte soos onthouding en moraliteit te hanteer. In die programinhoud word pertinente aandag geskenk aan wat Van Rooyen (1999:Onderhoud) beskou as “seksueel onverantwoordelike gedrag” omdat onderwerpe soos bloedskanie, aborsie, pornografie, saamwoon en prostitusie behandel word. Dit blyk verder dat daar in Gesinsopvoeding in North Carolina ook aandag geskenk word aan probleme soos kindermishandeling, kinder-seksuele mishandeling en tienerswangerskappe.

Uit die leerinhoud is dit verder duidelik dat aandag geskenk word aan die bemagtiging van die kind omdat gefokus word op die aanleer van vaardighede soos besluitneming, kommunikasie (veral in die gesin) lewensvaardighede en verbruikersvaardighede. Leerders word ook geleer om traumatiese veranderinge in die gesin, weens egskeiding of sterfte, te kan hanteer.

4. GESINSOPVOEDING IN KANADA

4.1 Algemeen

Kanada is ingedeel in tien provinsies. Elkeen van die tien provinsies het ’n eie Departement van Onderwys waaronder ’n aantal skoordistrikte ressorteer.

4.1.1 Vastelling van die kurrikulum

Elkeen van die tien provinsies in Kanada mag outonoom besluit oor en verantwoordelikheid neem vir die kurrikula wat in skole aangebied word. ’n Verskeidenheid benaderings ten opsigte van Gesinsopvoeding in Kanada is daarom algemeen sodat daar van eenvormigheid nouliks sprake is.

Die Departement van Onderwys in elke provinsie voorsien ’n kernkurrikulum aan skole, maar die verbesondering van die leerinhoud asook die wyse van implementering van die program is die prerogatief en verantwoordelikheid van elke skoordistrik. Daar word van staatskole verwag om die voorgeskrewe provinsiale riglyne te volg. Die



program moet aan die provinsiale Departement van Onderwys voorgelê word vir akkreditasie. Met goedkeuring word sodanige program as 'n "School-initiated Course" of 'n "Student-initiated Project" geregistreer (Manitoba Department of Education and Training 1990:8).

4.1.2 Benaming van programme

Dit wil voorkom asof elke provinsie 'n eie benaming vir programme gebruik. Gesinsopvoeding word meermale gesien as 'n integrale deel van Gesondheidsopvoeding. Laasgenoemde word in Kanada as 'n belangrike verpligte vak van die skoolkurrikulum beskou (Manitoba Department of Education and Training 1990:1). In sommige provinsies staan Gesinsopvoeding bekend as "Family Life Education" (MacDonald 1997:Personal correspondence).

In die literatuur kom die volgende benaminge vir "Family Life Education" in Kanada voor:

Health Education

Family Studies

Skills for Independent Living

Guidance

Violence Prevention

Mediation

Family and Consumer Sciences

Family Life Program

4.1.3 Doelstellings

Dit wil voorkom asof elke provinsie in Kanada eie doelstellings vir kurrikula formuleer. Uit die literatuur blyk dit dat die verskillende provinsies die volgende doelstellings gemeen het (Manitoba Department of Education and Training 1990:10-11):

- Om by leerders 'n positiewe gesindheid teenoor die gesin as die hoeksteen van

- 'n gesonde gemeenskap te kweek;
- om leerders tot insig te bring oor die belangrike plek wat die gesin in die samelewing beklee;
- om leerders te onderrig oor die verantwoordelikhede wat hulle tans as kinders in 'n gesin het en in die toekoms as huweliksmaats en ouers sal hê;
- om kennis, vaardighede en houdings aan die kind te leer wat nodig is om selfinsig en gesonde interpersoonlike verhoudings te ontwikkel om hom sodoende voor te berei vir 'n suksesvolle en gelukkige gesinslewe.

4.2 GESINSOPVOEDING IN ENKELE PROVINSIES VAN KANADA

4.2.1 GESINSOPVOEDING IN MANITOBA

4.2.1.1 Inleiding

Dit wil voorkom asof Gesinsopvoeding in die skole van Manitoba slegs in Graad 5, 7 en 9 aangebied word. In die kurrikulum word daar hoofsaaklik op ses temas gekonsentreer waardeur die leerders bewus gemaak word van die belangrikheid van die gesin sowel as die belangrikheid van 'n positiewe leefstyl en die aanvaarding van persoonlike verantwoordelikheid. Vir elk van die grade waarin Gesinsopvoeding aangebied word, is algemene sowel as spesifieke leeruitkomstes geformuleer.

4.2.1.2 Vastelling van die kurrikulum

In Manitoba vorm Gesinsopvoeding 'n geïntegreerde deel van Gesondheidsopvoeding. Die Manitoba Departement van Onderwys en Opleiding skryf die kurrikulum voor aan elk van die 60 skooldistrikte. Die Provinsiale Kurrikulum Komitee vir Gesinsopvoeding bestaan uit verteenwoordigers van die Onderwysdepartement, ouers, gesondheidsopvoeders, professionele persone in gesondheidsorg, skooladministrateurs en opvoeders. Skooldistrikte mag die kurrikulum wysig om by die besondere behoeftes van leerders aan te pas. Die Manitoba Departement van Onderwys en Opleiding moedig skooldistrikte aan om komitees te stig wat aanbevelings kan maak om in plaaslike behoeftes met betrekking tot Gesinsopvoeding te kan voorsien.

Sodanige wysigings moet by die Departement van Onderwys as 'n "School-initiated Course" geregistreer word (MacDonald 1997:Personal correspondence).

4.2.1.3 Benaming van programme

In Manitoba staan Gesinsopvoeding as "Family Life Education" bekend. Verbandhoudende inhoud kom voor in vakke soos "Family Studies", "Skills for Independent Living" en "Guidance". Skole het ook plaaslike kurrikula ("School-initiated Courses") oor spesifieke temas ontwikkel soos byvoorbeeld "Violence Prevention" en "Mediation" om in besondere behoeftes te voorsien (MacDonald 1997:Personal correspondence).

4.2.1.4 Roosterindeling

"Family Life Education" word in 'n blok van ses tot agt weke aangebied. Onderrigtyd vir Graad 5 is 60 minute en vir Graad 7 en 9 is dit 75 minute per 5-dag siklus (Manitoba Department of Education and Training 1990:vi, MacDonald 1997:Personal correspondence).

Soos in die vorige paragraaf aangedui, word "Family Life Education" slegs in Graad 5, 7 en 9 onderrig. In Graad 1, 2, 3, 4, 6 en 8 word "Family Life Education" nie as 'n eenheid aangebied nie, maar wel as 'n afdeling van vakke soos "Home Economics" aangebied (MacDonald 1997:Personal correspondence).

4.2.1.5 Doel met "Family Life Education"

Die doel met "Family Life Education" volgens die Manitoba Departement van Onderwys en Opleiding is om

- die kwaliteit van gesinslewe te bevorder en die belangrikheid van die gesin as sosiale eenheid te beklemtoon.
- die ontwikkeling van 'n positiewe leefstyl by leerders aan te moedig, ook met

die oog op 'n eie gesinslewe eendag in die toekoms (Manitoba Department of Education and Training 1990:10).

Die gesin word beskou as die basiese eenheid van die samelewing. Dit word beskryf as 'n gebonde groep mense wat saam in 'n huis woon en wat sorg, koestering en ondersteuning aan sy lede bied (Manitoba Department of Education and Training 1990:10).

4.2.1.6 Verantwoordelikheid van die ouers

In Manitoba word die ouers beskou as die primêre verantwoordelikes vir die basiese opvoeding van die kind met die oog op 'n eie gesinslewe eendag in die toekoms. Die siening word ook gehuldig dat religieuse instansies, organisasies, die gemeenskap en die skool 'n belangrike rol te speel het in die voorsiening van inligting en dienste met betrekking tot "Family Life Education" aan leerders. Die skool, instansies, organisasies en die gemeenskap is sekondêr verantwoordelik vir die opvoeding van die kind (Manitoba Department of Education and Training 1990:2).

4.2.1.7 Onderrig van waardes in "Family Life Education"

Die doel met die onderrig van waardes in hierdie program is om kinders aan te moedig om te strew na gemeenskaplik aanvaarbare ideale in 'n demokraties-pluralistiese gemeenskap en ook om inligting te verskaf wat verantwoordelikheid en besluitneming sal fasiliteer. Waardes soos besorgdheid, selfrespek, respek teenoor die gesin asook ander buite die gesin, vriendelikheid, eerlikheid en ontferming word as belangrike waardes in "Family Life Education" beskou. Die gemeenskap en religieuse groepe ondersteun die aanbieding van "Family Life Education" op voorwaarde dat dit

- kulturele, familiale, religieuse agtergronde en gelowe van individue respekteer.
- leerders leer dat die seksuele ontwikkeling en gedrag van elke individu nie in 'n lugleegte plaasvind nie, maar verband hou met morele, religieuse, sielkundige, etniese en sosiale waardes (Manitoba Department of Education and Training 1990:7).

Die volgende gemeenskaplike waardes word in “Family Life Education” beklemtoon:

1. Waardigheid: om selfrespek asook respek aan ouer mense, ouers en kinders te betoon.
2. Eerlikheid: om getrou teenoor ander en die self te wees.
3. Gelykheid: om dieselfde regte as ander te hê ongeag religie, ras of geslag.
4. Verantwoordelikheid: om verpligtinge na te kom en verantwoordelikheid vir gedrag te neem.
5. Geregtigheid: om regverdig te wees teenoor alle mense en nie ander uit te buit nie.
6. Empatie: om besorgdheid en begrip teenoor ander en hulle kulture te betoon.
7. Sorgsaamheid: hoe om liefde te demonstreer en met vrymoedigheid teenoor ander mense op te tree.
8. Gebondenheid: om lojaal te wees teenoor die gesin, die land, eie ideale en geloof.
9. Selfkontrole: om in staat te wees om die eie lewe te bestuur en te beheer (Manitoba Department of Education and Training 1990:8).

In die onderrig van veral waardes word die inhoud en die konsepte wat gebruik word by die ouderdom van die leerders aangepas. Besprekings oor vooraf geïdentifiseerde onderwerpe en aangeleenthede (na gelang van die behoeftes van die leerders) word aangemoedig. Leerders word geleer om ook ander perspektiewe waaruit ’n saak benader kan word, in te sien ten einde erkenning te gee aan diversiteit en ’n demokratiese gesindheid by leerders te kweek (Manitoba Department of Education and Training 1990:8,9).

4.2.1.8 Die “Family Life Education”- opvoeder

In die skole in Manitoba word die “Family Life Education”-opvoeders deur die skoolhoof gekies. In die literatuur word daar nie melding gemaak van die kriteria aan die hand waarvan opvoeders geselekteer word nie. Hierdie opvoeders word spesiaal deur die Manitoba Departement van Onderwys indiens opgelei om “Family Life Education” aan te bied. Sodanige opvoeders se opleiding moet voldoen aan

vasgestelde riglyne wat deur die Manitoba Departement van Onderwys en Opleiding voorsien word alvorens hulle met onderrig in “Family Life Education” kan begin. Tydens die opleiding word van Manitoba se gesondheids- en mediese personeel gebruik om spesifieke sensitiewe kwessies te verduidelik (Manitoba Department of Education and Training 1990:17).

4.2.1.9 Algemene leeruitkomstes

Na afhandeling van die “Family Life Education”-program behoort leerders in staat te wees om

- die belangrikheid van die gesin as ’n sosiale eenheid te verstaan.
- die verskillende gesinstipes en funksies van die gesin te ken.
- verantwoordelikhede in die gesin te aanvaar.
- die aard van veranderinge in die gesin sowel as die impak wat verandering in die gesin kan meebring, te verstaan.
- die rol wat waardes in die bevordering van ’n positiewe gesinslewe speel, te begryp.
- om krities te dink en om verantwoordelik te wees teenoor die self.
- te kan verstaan dat gesinslede groei en verander.
- menslike groei en ontwikkeling te verstaan.
- die risiko’s en die gevolge van seksueel onverantwoordelike gedrag te ken.
- te weet hoe om seksuele uitbuiting te verhoed.
- die belangrikheid van seksuele onthouding te besef en te weet dat onthouding beide ’n gesondheids- en morele waarde vir jongmense inhou.
- waardering as ’n gesinslid en as ’n seksuele wese te toon (Manitoba Department of Education and Training 1990:10,11).

4.2.1.10 Spesifieke leeruitkomstes

In Graad 5, 7 en 9 word die onderstaande spesifieke leeruitkomstes voorgeskryf:

4.2.1.10a Graad 5

(i) *Belangrikheid van gesinne*

Na afhandeling van hierdie tema behoort leerders in staat te wees om

- verskeie gesinstipes te identifiseer.
- verskeie funksies van die gesin te kan bespreek.

(ii) *Menslike groei en ontwikkeling*

Na afhandeling van hierdie tema behoort leerders in staat te wees om

- die fisiese groei en verandering van die menslike liggaam te verstaan.
- die bou en funksies van belangrike organe in die liggaam te verstaan.
- belangrike gebeure tydens menstruasie te kan beskryf.
- die simptome van swangerskap te ken.

(iii) *Verhoudings en verantwoordelikhede*

Na afhandeling van hierdie tema behoort leerders in staat te wees om

- die kenmerke van 'n baba te bespreek.
- te kan beskryf hoe om 'n baba te versorg.
- te beseft dat gesinslede verantwoordelikhede teenoor mekaar het.
- effektief met ander gesinslede te kommunikeer.
- te kan voorspel hoe veranderinge in die gesin gesinslede kan beïnvloed.

(iv) *Persoonlike veiligheid*

Na afhandeling van hierdie tema behoort die leerders in staat te wees om

- veiligheidsreëls vir verskillende situasies te kan noem.
- stappe te kan noem wat gevolg moet word indien hulle deur 'n vreemdeling genader word.
- oplossings te kan noem vir probleme wat mag opduik.
- voorbeelde van gemeenskapsondersteuningsdienste en hulle funksies te kan noem.
- die toenaderingsgedrag van seksuele oortreders te kan herken.
- verantwoordelike gedrag te kan beskryf wat seksuele uitbuiting kan verhoed.

(v) *Bevordering van 'n positiewe leefstyl*

Na afhandeling van hierdie tema behoort leerders in staat te wees om

- verantwoordelike gedrag toe te pas wat persoonlike welsyn en gesondheid sal bevorder (Manitoba Department of Education and Training 1990:10,11,12).

4.2.1.10b Graad 7

(i) *Belangrikheid van gesinne*

Na afhandeling van hierdie tema behoort leerders in staat te wees om

- 'n definisie van 'n gesin te formuleer.
- gesinstipes te kan vergelyk.
- die basiese funksies van die gesin te kan verduidelik.

(ii) *Menslike groei en ontwikkeling*

Na afhandeling van hierdie tema behoort leerders in staat te wees om

- belangrike endokriene kliere in die liggaam te kan identifiseer.
- die effek van hormone op seuns en meisies te verstaan.
- die belangrikheid van higiëniese gewoontes te kan verduidelik en motiveer.
- die werking van die manlike en vroulike voortplantingstelsel te kan verstaan.
- voortplanting en die ontwikkeling van die foetus te kan verstaan.
- positiewe gesondheidspraktyke en basiese higiëniese produkte (byvoorbeeld vir velprobleme, tipes seep, ensovoorts) wat gesondheid en 'n mooi voorkoms kan handhaaf en bevorder, te kan beskryf.

(iii) *Verhoudings en verantwoordelikhede*

Na afhandeling van hierdie tema behoort leerders in staat te wees om

- die kenmerke en behoeftes van 'n pasgebore baba te kan bespreek.
- die rol van die gesin in die bevrediging van die suigeling se behoeftes te kan beskryf.
- te besef dat verantwoordelikhede van gesin tot gesin verskil en dat elke gesin 'n eie benadering het om in hierdie behoeftes te voorsien.
- te kommunikeer.
- uitgaan te kan bespreek as 'n proses om adolessensie aan te moedig en verhoudings te bevorder.

- algemene probleme wat met uitgaan verband hou, te kan identifiseer.

(iv) *Persoonlike veiligheid*

Na afhandeling van hierdie tema behoort leerders in staat te wees om

- te weet hoe om seksuele mishandeling te voorkom.
- persone en gemeenskapshulpbronne wat hulp aan die gesin of 'n vriend kan verleen, te kan identifiseer.
- te verstaan wat met “onverantwoordelike seksuele gedrag” bedoel word en dat hierdie gedrag ten strengste afgekeur word.

(v) *Bevordering van 'n positiewe leefstyl*

Na afhandeling van hierdie tema behoort leerders in staat te wees om

- praktyke te kan identifiseer wat welstand en 'n toenemende verantwoordelikheid vir 'n gesonde lewe kan bevorder (Manitoba Department of Education and Training 1990:12,13).

4.2.1.10c Graad 9

(i) *Belangrikheid van gesinne*

Na afhandeling van hierdie tema behoort leerders in staat te wees om

- die lewensfases wat die gesin deurloop, te kan beskryf.
- gebeure te kan voorspel wat in die lewensfases van gesinne mag voorkom en die effek daarvan op gesinslede te kan beskryf.
- die fases wat na 'n huwelik lei te ken.
- die verskille tussen verliefdheid en liefde te ken.
- veroudering van gesinslede as 'n kenmerk te kan beskryf.

(ii) *Menslike groei en ontwikkeling*

Na afhandeling van hierdie tema behoort die leerders in staat te wees om

- die veranderinge wat hormone tydens puberteit en adolessensie meebring, te verstaan.
- die fisiese en die sosiaal-emosionele veranderinge wat tydens puberteit en adolessensie voorkom, te kan beskryf.
- die bou en funksie van die manlike en vroulike geslagsorgane te bespreek.
- die hormonale regulering van die menstruele siklus te kan beskryf.

- doelstellings vir die bevordering van persoonlike gesondheid te formuleer.
- die implikasies van ovulasie en seksuele rypheid te kan beskryf.

(iii) *Dilemmas en gevolge*

Na afhandeling van hierdie tema behoort leerders in staat te wees om

- lewensgebeure te kan identifiseer wat stres by adolessente kan veroorsaak.
- die streswaarde van 'n verskeidenheid lewensgebeure te bepaal.
- lewensgebeure wat stres by adolessente meebring, te kan interpreteer.
- die fases in 'n verhouding met die teenoorgestelde geslag te ken.
- stereotipering van manlike en vroulike geslagsrolle te kan identifiseer.
- dilemmas in vaste verhoudings te ondersoek.
- manlike en vroulike vermoëns ten opsigte van 'n verskeidenheid aktiwiteite, werke en beroepe te kan beskryf.
- die belangrikheid van respek en die rol van gelykheid in 'n verhouding met die teenoorgestelde geslag te kan beskryf.
- voorbeelde van dwang te kan identifiseer wat seksuele gedrag en besluitneming kan beïnvloed.
- te verstaan waarom onthouding die beste keuse is.
- die belangrikheid van verantwoordelike besluitneming met betrekking tot seksuele gedrag te besef.
- "NEE" te sê vir seksuele betrokkenheid onder portuurgroepdruk.
- oplossings vir probleme wat seksuele gedrag aanmoedig, te kan toepas.
- die belangrikheid van kennis van gemeenskapsdienste te besef.
- die redes vir tienerswangerskappe te kan bespreek.
- die risiko's en gevolge van tienerswangerskappe vir gesondheid te besef.
- informasie oor swangerskapvoorkoming vir adolessente in te win.
- die gevolge van sommige algemene dwelms op die moeder en foetus se gesondheid te besef.
- gedrag te kan beskryf wat gesondheid tydens swangerskap kan bevorder.

- data te kan interpreteer oor die verspreiding van seksueel oordraagbare siektes.
- plaaslike en provinsiale dienste te kan identifiseer wat behandeling vir seksueel oordraagbare siektes voorsien.
- voorkomingsmaatreëls vir seksueel oordraagbare siektes te kan opnoem.
- die wetlike aspekte van kindermishandeling te verstaan.
- oorsake wat tot seksuele aanranding aanleiding mag gee, te kan beskryf.
- faktore te kan identifiseer wat seksuele aanranding kan verhoed.
- die gevolge van seksuele aanranding te kan beskryf.
- die aanpassings van 'n gesin na egskeiding te kan bespreek.
- strategieë te identifiseer wat individue, gesinne en die gemeenskap sal aanmoedig om ondersteuning te bied aan gesinne wat deur egskeidings geraak is.

(iv) *Bevordering van 'n positiewe leefstyl*

Na afhandeling van hierdie tema behoort leerders in staat te wees om

- positiewe gesondheidsgewoontes te kan identifiseer wat kenmerkend van 'n gesonde leefstyl is.
- gemeenskapshulpbronne te kan identifiseer wat gesondheidsdienste verskaf.
- die belangrikheid van 'n gesonde lewensstyl te kan besef.
- die verwantskap tussen gesondheid en leefstyl te kan beskryf (Manitoba Department of Education and Training 1990:14,15).

4.2.1.11 Programinhoud van “Family Life Education”

Die onderstaande inhoud word deur die Manitoba Department of Education and Training (1990:16,17) aan skole voorgeskryf:

4.2.1.11a Graad 5

- (i) *Belangrikheid van gesinne*
 - Gesinstipes.
 - Funksies van die gesin.
- (ii) *Menslike groei en ontwikkeling*
 - Liggaamsveranderinge: Fisiese groei.
 - Belangrike organe van die liggaam.
 - Manlike voortplantingstelsel.
 - Vroulike voortplantingstelsel.
 - Die menstruasiesiklus.
 - Voortplanting: 'n Nuwe lewe word gevorm.
- (iii) *Gesin en verantwoordelikhede*
 - Versorging van nuwe gesinslede.
 - Verantwoordelikhede van die gesin.
 - Kommunikasie in die gesin: gesinsvergaderings.
 - Gesinsveranderinge.
- (iv) *Persoonlike veiligheid*
 - Veiligheid en vreemdelinge.
 - Gesins- en gemeenskapsondersteuningsdienste.
 - Voorkoming van seksuele mishandeling.
- (v) *Bevordering van 'n positiewe leefstyl*

4.2.1.11b Graad 7

- (i) *Belangrikheid van gesinne*
 - Gesinstipes, definisie van 'n gesin.
 - Funksies van die gesin.
- (ii) *Menslike groei en ontwikkeling*
 - Endokriene stelsel.
 - Puberteit: manlike en vroulike geslagstelsels.
 - Die menstruasiesiklus.
 - Voortplanting en foetale ontwikkeling.

- Persoonlike higiëne.
- (iii) *Gesin en verantwoordelikhede*
 - Versorging van gesinslede.
 - Verantwoordelikhede van die gesin.
 - Kommunikasie in die gesin: gesinsvergaderings.
 - Kinders en ouers se siening.
 - Uitgaan: besorgdhede en verantwoordelikhede.
- (iv) *Persoonlike veiligheid*
 - Voorkoming van seksuele mishandeling.
- (v) *Bevordering van 'n positiewe leefstyl*

4.2.1.11c Graad 9

- (i) *Belangrikheid van gesinne*
 - Fases van gesinslewe.
 - Veroudering.
- (ii) *Menslike groei en ontwikkeling*
 - Puberteit en adolessensie.
 - Manlike en vroulike voortplantingstelsel.
 - Die menstruasiesiklus.
 - Menslike voortplanting en die begin van lewe.
- (iii) *Dillemmas en gevolge*
 - Adolessensie: opstandige en sorgvrye jare?
 - Uitgaan – verhoudings, verwantskappe.
 - Geslagsrolstereotipering.
 - Verantwoordelike seksuele besluitneming: onthouding.
 - Probleemoplossing.
 - Tienerswangerskap: risiko's, gevolge en voorkoming.
 - Swangerskap en dwelms.
 - Seksueel oordraagbare siektes.
 - Voorkoming van seksuele mishandeling.
 - Verandering in die gesin: egskeiding, sterfte.
 - Gesinsprobleme.

(iv) *Bevordering van 'n positiewe leefstyl*

4.2.1.12 Gevolgtrekkings

Uit 'n bestudering van die leerinhoud is dit opmerklik dat aandag geskenk word aan die bevordering van die kwaliteit van die kind se onmiddellike gesinslewe asook sy eie gesinslewe eendag in die toekoms. Die kind word voorberei om verantwoordelikheid binne die gesin te aanvaar deur aandag te skenk aan die versorging van gesinslede en ook deur die ondersteuning van ouers, broers en susters. Die aanvaarding van nuwe verantwoordelikhede in tye van verandering in die gesin is ook bevorderlik vir hierdie doel.

Ten einde 'n positiewe leefstyl te bevorder, word daar in die program op die bevordering van leerders se intellektuele, sosiale, fisiese en sielkundige ontwikkeling gefokus. Aandag word geskenk aan die persoonlike verryking van die kind deur die aanleer van vaardighede soos die volgende: verantwoordelike besluitneming, kommunikasievaardighede, hantering van trauma (byvoorbeeld sterfte of egskeiding) en streshantering. Besondere klem word gelê op die aanleer van strategieë om leerders se persoonlike veiligheid en gesondheid te bevorder omdat dit in alle grade behandel word. Hiermee saam word gemeenskaplike waardes aan leerders geleer.

In die literatuur wil dit voorkom asof daar in die "Family Life Education" 'n poging aangewend word om maatskaplike probleme soos egskeiding, kindermishandeling, tiener-swangerskappe en dwelmmisbruik aan te spreek.

4.2.2 GESINSOPVOEDING IN PRINCE EDWARD ISLAND

4.2.2.1 Inleiding

Prince Edward Island is 'n eiland wat deel vorm van Kanada, maar oor 'n eie Departement van Onderwys beskik. Dit wil voorkom asof die voorgeskrewe kurrikulum vir Gesinsopvoeding redelik breedvoerig uitgewerk is. Ten einde riglyne aan die opvoeder te verskaf, word elk van die temas in die kurrikulum verbesonder met

bepaalde leeruitkomstes. In die kurrikulum word aandag gegee aan die doel met Gesinsopvoeding, roosterindeling, ouerbetrokkenheid en opvoedersopleiding.

4.2.2.2 Vasstelling van die kurrikulum

Die Prince Edward Island Departement van Onderwys (hierna genoem P.E.I. Departement van Onderwys) skryf die kurrikulum aan die vier skoordistrikte waaronder alle skole op die eiland ressorteer, voor (P.E.I. Department of Education 1992:5,9). Skole mag in samewerking met die plaaslike ouerkomitee en die kerk die kurrikulum aanpas en verfyn volgens die behoeftes van die gemeenskap. Skole is ook daarop geregtig om aanvullende materiaal te gebruik en buite-persone wat spesialiste is op 'n bepaalde gebied, uit nooi om by die skool op te tree (P.E.I. Department of Education 1992:5,9).

4.2.2.3 Benaming van programme

In die skole van Prince Edward Island word die volgende benaminge vir Gesinsopvoeding gebruik:

Graad 4 tot 6	-	“Elementary Health and Family Life”
Graad 7	-	“Personal Safety and Abuse”
Graad 10	-	“Family Life Education”
Graad 11	-	“Family Living”
Graad 12	-	“Family Living”

Elk van die bogenoemde fases beskik oor 'n afsonderlike kurrikulum. Uit die literatuur (P.E.I. Department of Education 1992:1) blyk dit dat Gesinsopvoeding nie in Graad 1 tot 3 aangebied word nie. In Graad 8 en 9 word Gesinsopvoeding geïntegreerd in skoolvakke soos “Home Economics” aangebied (P.E.I. Department of Education 1992:1, P.E.I. Department of Education 1993a:1, P.E.I. Department of Education 1993b:1, P.E.I. Department of Education 1995:1).

4.2.2.4 Roosterindeling

Die P.E.I. Departement van Onderwys skryf voor dat 5% van die totale onderrigtyd aan Gesinsopvoeding bestee moet word (P.E.I. Department of Education 1992:1). Dit is gelykstaande aan 75 minute per ses dag siklus in die senior klasse (hoërskool) en 3 periodes van 25 minute in die junior klasse (Huggan 1997:Personal correspondence).

4.2.2.5 Filosofie van Gesinsopvoeding

In die literatuur word die begrip “Filosofie van Gesinsopvoeding” gebruik. In die inhoud wil dit voorkom asof hierdie begrip verwys na wat in die Afrikaanse konteks “benadering” sou beteken.

Gesinsopvoeding is ’n program wat ontwerp is om die kwaliteit van leerders se huidige gesinslewe te bevorder en om hulle voor te berei vir ’n eie gesinslewe eendag in die toekoms. Met Gesinsopvoeding word daar gepoog om ’n bydrae te lewer tot die ontwikkeling van leerders se intellektuele, sosiale, fisiese, sielkundige en geestelike vermoëns. Aandag word ook geskenk aan die ontwikkeling van selfrespek as voorvereiste vir die betoning van respek aan ander.

Gesinsopvoeding staan hoofsaaklik op drie bene naamlik:

- (a) Die bevordering van kennis, houdings en vaardighede by leerders om hulle huidige en toekomstige gesinsverhoudinge met groter begrip en verantwoordelikheid te benader. Leerders leer dat daar in die gesin ’n atmosfeer van liefde geskep kan word waarin gesinslede gekoester kan word, hulle mekaar kan help groei en hulle mekaar van diens kan wees.
- (b) Die bevordering van kommunikasie binne die gesin.
- (c) Die ondersteuning van ouers in hulle pogings om hulle kinders te lei na verantwoordelike volwassenheid. Die skool kan basiese kennis en vaardighede

* Aangesien verskillende benaminge voorkom vir die verskillende grade of fases sal daar in die bespreking die begrip “Gesinsopvoeding” gebruik word.

by leerders ontwikkel wat kan help om die druk en invloed op hulle lewens krities te evalueer en te hanteer (P.E.I. Department of Education 1992:4, P.E.I. Department of Education 1995:4,5).

4.2.2.6 Doelstellings

Die doel met Gesinsopvoeding is om (P.E.I. Department of Education 1992:8, P.E.I. Department of Education 1995:5)

- leerders se begrip vir die verskillende rolle en verantwoordelikhede van gesinslede en ouerskap te bevorder.
- leerders se agting vir die basiese doel van die huwelik te bevorder (byvoorbeeld toewyding in 'n monogame huwelik en die biologiese funksie).
- leerders te help om hulle omstandighede te verstaan en om die positiewe aspekte in hierdie omstandighede te identifiseer en daarop voort te bou.
- die ekonomiese en sosiale betekenis van die gesin te ondersoek.
- 'n waardering vir die waardigheid en uniekheid van elke mens te ontwikkel.
- selfrespek en respek vir ander te bevorder, insluitende verdraagsaamheid teenoor verskillende kulture, gesinstyle en waardesisteme.
- by te dra tot die ontwikkeling van leerlinge se intellektuele, sosiale, fisiese, sielkundige, morele en geestelike vermoëns op 'n wyse wat 'n positiewe selfkonsep en 'n gesonder lewenstyl sal bevorder.

4.2.2.7 Ouerbetrokkenheid

In Prince Edward Island word Gesinsopvoeding as die verantwoordelikheid van die ouer, die kerk en die skool gesien. Die P.E.I. Departement van Onderwys is van mening dat indien ouers nie betrek word nie, die skool nie daarin sal slaag om as katalisators op te tree in die bou van kommunikasievaardighede, die erkenning van waardes en die deel van inligting tussen ouer en kind in die huis nie (P.E.I. Department of Education 1992:9).

Die P.E.I. Departement van Onderwys beveel aan dat elke skool oueraande moet hou waartydens die benadering, die doelstellings en die inhoud van die program verduidelik word. So 'n inligtingsaand kan 'n algemene oorsig aan ouers gee veral wanneer dit vroeg in die jaar gehou word en dit deel kan vorm van 'n "ontmoet 'n opvoeder" ("meet the teacher") of 'n "huis-skool-" ("home and school") aand (P.E.I. Department of Education 1992:10-12).

4.2.2.8 Die Gesinsopvoedingsopvoeder

Die Gesinsopvoedingsopvoeder is verantwoordelik vir die suksesvolle implementering van die Gesinsopvoedingsprogram. Vereistes wat deur die P.E.I. Departement van Onderwys gestel word, is onder andere, kundigheid, objektiwiteit, gemaklikheid met sy seksualiteit, sensitiwiteit, diskresie en eerbied teenoor elke waarde- en normstruktuur wat deur die leerders verteenwoordig word. Die opvoeder moet bereid wees om met toewyding en entoesiasme die program te onderrig.

Die onderstaande lys van persoonlikheidseienskappe en bekwaamhede waaroor die opvoeder moet beskik, toon die hoë eise wat aan die persoon van die opvoeder gestel word. Die riglyne help opvoeders om te besin oor die eie aard en onderrig van Gesinsopvoeding en verskaf aan die skoolhoof riglyne vir die keuse van 'n geskikte opvoeder om die vak aan te bied (P.E.I. Department of Education 1992:12,13, P.E.I. Department of Education 1995:8).

4.2.2.8a Kwaliteite van die opvoeder

Die ideale opvoeder behoort aan die volgende vereistes te voldoen:

- 'n Sterk persoonlike identiteit;
- 'n gemaklikheid met eie seksualiteit;
- bereidwilligheid om te leer;
- 'n vermoë om te luister na verskille in opinies sonder om die eie siening of eie waardes af te dwing;
- empatie vir gevoelens en die welsyn van ander;

- respek teenoor alle ander individue;
- opregtheid en die vertroue om 'n vertrouensverhouding met studente op te bou;
- 'n goeie sin vir humor.

4.2.2.8b Bekwaamhede

Die hoë eise wat aan die persoon van die bekwame opvoeder gestel word, word uit die volgende kriteria duidelik. Die opvoeder behoort

- belang te stel in die onderrig van die program en gemotiveerd te wees om 'n sukses van die aanbieding te maak.
- goeie oordeel aan die dag te lê in die hantering van moontlike sensitiewe vrae of situasies.
- in staat te wees om 'n positiewe klasatmosfeer te skep waar uitdrukking van gevoel en opinie welkom is.
- oor kennis van gemeenskapshulpbronne te beskik.

4.2.2.8c Akademiese kwalifikasies

Daar word van die opvoeder verwag om

- die verpligte diploma in onderwys van die P.E.I. Departement van Onderwys te voltooi.
- oor kennis van die volgende te beskik:
kindermishandeling, dwelmmisbruik, menslike groei en ontwikkeling, menslike seksualiteit, menslike biologie, gesondheidsopvoeding, ontwikkelingsdrama, ontwikkelingsielkunde, groepdinamika en kleingroepieierskap, besluitnemingsvaardighede en kommunikasie.
- bereid te wees om in diens opgelei te word deur die bywoning van kursusse of werksinkels in gesinsopvoeding, menslike ontwikkeling en ander relevante onderwerpe.

4.2.2.9 Programinhoud vir Graad 4, 5 en 6: “Elementary Health and Family Life”

In Graad 4, 5 en 6 “Elementary Health and Family Life” word die volgende temas aangebied:

- Selfkennis
- verhoudinge
- fiksheid
- algemene gesondheid
- versorging van die omgewing
- voorkoming van dwelmgebruik
- persoonlike veiligheid en mishandeling

As ’n voorbeeld word die volgende temas oor dwelmgebruik en persoonlike veiligheid bespreek (P.E.I. Department of Education 1992:17, 23, 29, P.E.I. Department of Education 1993a:5):

4.2.2.9a Graad 4

Dwelmgebruik

Onder die tema *dwelmgebruik* word enkele doelwitte gestel wat die leerders aan die einde van die leergeleentheid moet bemeester. Na afhandeling van hierdie tema moet leerders in staat wees om

- redes te verskaf waarom medisyne gebruik word vir genesing van siektes.
- die hoof funksies van medisyne te kan identifiseer.
- die prosedure vir die veilige hantering van medisyne uit te lê.
- die verskille tussen voorskriftelike en nie-voorskriftelike medisyne en tussen medisinale (genesende) en nie-medisinale dwelms te kan onderskei.
- die gevaar van rook, alkohol en dwelms wat verandering in gemoedstemming meebring, te kan beskryf.

- effektiewe maniere te kan demonstreer om *nee* te sê vir dwelms.
- te kan verduidelik waarom nie-medisinale dwelms nie 'n vereiste is om geestelik en fisies goed te voel nie.

4.2.2.9b Graad 5

Dwelmgebruik

Na afhandeling van hierdie tema behoort die leerders in staat te wees om

- te kan onderskei tussen voorskriftelike en nie-voorskriftelike medisyne.
- te kan verduidelik waarom voorskriftelike medisyne slegs deur die persoon aan wie dit voorgeskryf is, gebruik moet word.
- aptekers te kan identifiseer as goeie bronne van inligting met betrekking tot medisyne.
- nikotien as 'n verslawende dwelm te kan identifiseer.
- die negatiewe gevolge van rook te kan identifiseer.
- alkoholverbruik as 'n faktor vir motorongelukke en gesinskonflik te kan identifiseer.
- die negatiewe gevolge van die gebruik van onwettige dwelms in die straat te kan identifiseer.
- die verskillende jargons vir dwelms in die straat te kan identifiseer.
- die motiewe van dwelmsmouse te kan identifiseer.

4.2.2.9c Graad 6

Dwelmgebruik

Na afhandeling van hierdie tema behoort die leerders in staat te wees om

- verskeie mediese gebruike vir dwelms te kan verduidelik.
- voorskriftelike en nie-voorskriftelike dwelms veilig te gebruik.
- 'n verbintenis te maak om kafeïeninnome te beperk.

- op bevestigende wyse gedrag te openbaar wat weerstand bied teen die gebruik van dwelms wanneer onder druk.
- gevare van alkoholgebruik te kan verduidelik.
- die regering se bydrae tot dwelmnavoring en voorkoming te kan verduidelik.

4.2.2.9d Graad 4, 5 en 6

Persoonlike veiligheid en mishandeling

- Emosionele, fisiese en seksuele mishandeling.
- Basiese reëls vir persoonlike veiligheid.
- Paslike optredes wanneer 'n persoon/kind mishandel of deur mishandeling bedreig word.
- Persone wat hulp kan verleen.

Ouers kan aansoek doen dat kinders verskoon word van die program oor persoonlike veiligheid en mishandeling "Personal Safety/Abuse". Ouers het die reg om hul kinders uit hierdie periode te onttrek indien hulle enige gewetensbesware het (P.E.I. Department of Education 1993a:3,5).

4.2.2.10 Graad 7: Programinhoud van "Personal Safety and Abuse"

Die program "Personal Safety and Abuse" word in Graad 7 aangebied (kyk paragraaf 4.4.2.3). In die kurrikulum word die onderstaande temas ingesluit:

Persoonlike veiligheid en mishandeling

- (a) Die konsepte "mishandeling" en "verwaarlosing".
- (b) Situasies wat ongemaklikheid veroorsaak en wat inbreuk kan maak op die kind se veiligheid.
- (c) Mishandeling in die gesin word onder die volgende hoofde ingedeel:

Fisiese mishandeling

- Aanranding, (klap, knyp, skop, ensovoorts) gooi met voorwerpe.

Emosionele mishandeling

- Blamering, weerhouding van affeksie, verkleining, intimidering, ensovoorts.
- Toename van 'n negatiewe selfbeeld van die slagoffer.

Fisiese verwaarlosing

- Gebrek aan fisiese behoeftes soos voedsel, skuiling, veiligheid, opvoeding.

Seksuele mishandeling

- Onvanpaslike blootstelling van geslagsdele of seksuele aktiwiteite.
- Geforseerde ongewenste betasting of seksuele daad (P.E.I. Department of Education 1993:6).

4.2.2.11 Programinhoud van “Family Life Education”

Soos verduidelik in paragraaf 4.4.2.3 word “Family Life Education” net in Graad 10 aangebied. Volgens die kurrikulum moet die onderstaande uitkomstes nagestreef word (P.E.I. Department of Education 1995:14):

4.2.2.11a Verhoudings

Onderwerp	Leerling uitkomstes
A. Klimaatskepping	<ol style="list-style-type: none"> 1. Om 'n ontspanne atmosfeer in die gesin te skep. 2. Om persoonlike verantwoordelikheid teenoor ander gesinslede asook individuele regte van gesinslede te erken en te aanvaar.
B. Verhoudings	<ol style="list-style-type: none"> 1. Om die verskillende fases waardeur 'n verhouding ontwikkel, te verstaan. 2. Om die affektiewe behoeftes van gesinslede



<p>C. Saamleefverhoudings:</p> <p>1. Gesinne</p> <ul style="list-style-type: none">- Tipes gesinne.- Funksies van gesinne.- Gesinsrolle en hoe rolle verander het. <p>2. Portuurgroepe/vriende</p> <p>3. Uitgaan (<i>dating</i>)</p>	<p>te verstaan.</p> <ol style="list-style-type: none">1. Om verskillende tipes gesinne te kan identifiseer.2. Om die verskillende funksies in die gesin te verstaan.3. Om voorstelle te maak oor hoe die gesin versterk kan word.4. Om die rol(le) van ouers te identifiseer.5. Om die gevolge van geslagstereotipering in huweliksverhoudings te verstaan. <ol style="list-style-type: none">1. Om ware vriendskap te kan herken.2. Om te kan verduidelik hoe vriendskappe gebou en behou kan word.3. Om maniere te bespreek oor hoe portuurgroepdruk verhoudings kan beïnvloed.4. Om effektiewe kommunikasie- en besluitnemingsvaardighede te kan demonstreeer in die teenwoordigheid van die portuurgroep. <ol style="list-style-type: none">1. Om te bespreek hoe vaste verhoudings behoort te wees.2. Om sommige van die uitdagings wat met 'n vaste verhouding verband hou te bespreek en te verduidelik hoe dit hanteer moet word.3. Om die verskil tussen verliefdheid en liefde te kan verduidelik.4. Om te verstaan wanneer 'n kind gereed is om 'n vaste verhouding aan te knoop.
--	--



4.2.2.11b Menslike seksualiteit

A. Seksualiteit	1. Om te onderskei tussen die begrippe “seks” en “seksualiteit”.
B. Voortplantingstelsel	1. Om die bou en funksies van die manlike en vroulike voortplantingstelsels te bespreek. 2. Om mites wat met seksualiteit verband hou, te evalueer.
C. Menslike seksuele respons	1. Om te verstaan dat die seksdrang sterk, maar beheerbaar is. 2. Om die verantwoordelikheid wat met seksualiteit gepaard gaan, te verstaan.
D. Seksuele besluitneming	1. Om portuurgroepdruk met betrekking tot seksuele gedrag te verstaan. 2. Om die belangrikheid van verantwoordelike besluitneming in verband met seksuele gedrag te besef. 3. Om te verstaan dat seksuele aktiwiteite gepaard gaan met verantwoordelikhede en gevolge. 4. Om te verstaan dat onthouding die beste keuse is.
E. Voorbehoeding	1. Om die terme “voorbehoeding” en “gesinsbeplanning” te definieer. 2. Om te verstaan dat daar vier verskillende tipes voorbehoeding is



	<p>naamlik: natuurlik, chemies, meganies en chirurgies.</p> <ol style="list-style-type: none">3. Om te verstaan dat die keuse van die metode van voorbehoeding op baie faktore berus insluitende mediese risiko's, effektiwiteit van die metode en kulturele agtergrond.4. Om klinieke wat gemeenskapsdiens lewer te identifiseer.5. Om redes te bespreek waarom tieners voorbehoeding misbruik of nie gebruik nie.
--	---

4.2.2.11c Gesondheidslewe

A. Lewenstyl	<ol style="list-style-type: none">1. Om te beseef dat die keuses wat 'n mens maak 'n impak het op die totale mens.2. Om moontlike invloede wat 'n effek op die lewenstyl sal hê, te identifiseer.3. Om die verskille tussen oorerflike en omgewingsinvloede op 'n mens se lewenstyl te identifiseer.
B. Selfmoord	<ol style="list-style-type: none">1. Om tekens van depressie in maats en/of gesinslede te identifiseer.2. Om te verstaan hoe selfmoord voorkom kan word.3. Om te weet waar die kind hulp kan kry en dienooreenkomstige bronne in die gemeenskap te kan identifiseer.4. Om die verlies van 'n gesinslid of



C. Dwelmgebruik	<p>maat te kan hanteer.</p> <ul style="list-style-type: none">- Om die verskil tussen die gebruik en misbruik van dwelms en medisyne te verstaan.- Om die impak van advertensies in hierdie verband te verstaan.- Om die kenmerke van dwelm- of alkoholverslaafdheid te identifiseer.- Om te verstaan wat die impak van verslawing op die gesin is.- Om ander verslaafdes uit te ken en die gevolge van verslawing te kan identifiseer.- Om te weet waar hulp vir verslawing in die gemeenskap verkry kan word.
-----------------	--

4.2.2.12 Programinhoud van “Family Living”

“Family Living” word in Graad 11 en 12 aangebied (P.E.I. Department of Education 1997:5-9).

4.4.2.12a Graad 11

Die onderstaande temas word voorgeskryf:



Onderwerp	Omskrywing
A. Gesinstelsels	<ul style="list-style-type: none">- Die siklus waardeur die gesin beweeg, funksies van die gesin, outoriteit in die gesin, die huis as tuiste, aantal huweliksmaats, hervestiging van 'n gesin, enkel- ouergesin, kerngesin, uitgebreide gesin, kinderlose egpare, die ongetroude persoon, buite-egtelike verhoudings, veranderende rol van gesinslede.
B. Persoonlikheidsontwikkeling	<ul style="list-style-type: none">- Basiese behoeftes (Maslow se hiërargie van behoeftes) probleem-oplossingsmeganismes.
C. Kommunikasie in die gesin	<ul style="list-style-type: none">- Verbale kommunikasie in die gesin.- Nie-verbale kommunikasie, gesigs-uitdrukking. Deelname aan gesins-aktiwiteite, gesamentlike beplanning in die gesin, aanvaarding van verantwoordelikheid, respek vir ander se privaatheid en eiendom.
D. Verhoudings in die gesin	<ul style="list-style-type: none">- Generasiegaping, deelname in gesinstake, -besluite, -probleme. Faktore wat onderlinge verhoudings in die gesin beïnvloed, byvoorbeeld ouderdom, geslag, temperament, verskille in behandeling deur ouers, posisie in die gesin, aantal kinders in die gesin en die oudste kind.



<p>E. Ontwikkeling van die adolessent</p>	<ul style="list-style-type: none">- Geslagsvoorkeure en –identiteite, geslagsrolle, die probleme met die fisiese ontwikkeling, byvoorbeeld aknee.
<p>F. Uitgaan (<i>Dating</i>)</p>	<ul style="list-style-type: none">- Probleme wat verband hou met uitgaan: ouers se teenkating, vaste verhoudings (voor- en nadele), voorhuwelikse seks, verantwoordelikhede wat met uitgaan verband hou, tienerswangerskappe, geforseerde huwelike, geslagsiektes.
<p>G. Die huwelik</p>	<ul style="list-style-type: none">- Romantiese liefde versus liefde tussen getroudes.- Noodsaaklike vereistes vir gereedheid vir die huwelik (lys die vereistes vir 'n huweliksmat).- Noodsaaklike vereistes vir 'n suksesvolle huwelik.- Wettige ouderdom waarop die jeugdiges in die huwelik mag tree.- Sosiale en emosionele gevolge van tienerjarige huwelike.- Gevolge van 'n onsuksesvolle huwelik.- Formele versus gemenereghuwelike.- Redes vir mislukking van huwelike tussen jong mense.- Aanpassing in die huwelik. Wetlike aspekte van die huwelik, die vader van 'n buite-egtelike kind, wetlike aspekte van gemenereghuwelike, egskeiding,



	huweliksberading, sterfte van 'n gesinslid.
H. Verhoudings en huwelike tussen verskillende kulture.	<ul style="list-style-type: none">- Verskille in huwelikswaardes.- Vergelyk hoe mense in verskillende kulture optree en reageer.- Identifiseer ooreenkomste tussen verskillende kulture.
I. Verlowing	<ul style="list-style-type: none">- Die doel met 'n verlowing, keuse van 'n maat, die rol wat albei partye in 'n suksesvolle huwelik speel, huweliksgereedheid, verlowingsplanne, verbreking van 'n verlowing.
J. Finansiële bestuur in gesinne	<ul style="list-style-type: none">- Die opstel van 'n begroting, vermyding van skuld, uitneem van versekering en spaar.
K. Ouerskap	<ul style="list-style-type: none">- Aanneming van kinders, aborsie, invloed van 'n baba op die huwelik.
L. Gesinne in die toekoms	<ul style="list-style-type: none">- Proefbuisbabas, kloning.

4.2.2.12b Graad 12

In Graad 12 word die onderstaande leeruitkomstes nagestreef (P.E.I. Department of Education 1997:12-21):

Onderwerp	Leeruitkomste
<p>A. Die gesin as basiese eenheid</p> <ul style="list-style-type: none"> - Definisie van 'n gesin - Gesinstipes - Fases van die gesin - Funksies van die gesin - Verhoudings binne die gesin 	<ul style="list-style-type: none"> - Om verskillende kenmerke van gesinne te verstaan. - Om die funksies van die gesin te ken. - Om die dienste van gemeenskaps-hulpbronne te waardeer. - Om te verstaan hoe ouers se leefwyse hulle kinders kan beïnvloed.
<p>B. Uitbreiding van verhoudings</p> <ul style="list-style-type: none"> - Besluitneming - Liefde teenoor verliefdheid - Uitgaan - Seksueel oordraagbare siektes - Kanker - Jaarlikse mediese ondersoek - Voorbehoeding 	<ul style="list-style-type: none"> - Om verantwoordelike besluite te kan neem. - Om die aard van intieme verhoudings asook die ontwikkeling en belangrikheid daarvan te verstaan. - Om die verskillende tipes liefde te ondersoek. - Om die aard en bedoelings van vaste verhoudings te beoordeel. - Om manlike en vroulike geslagstelsels, voorbehoeding en seksueel oordraagbare siektes te verstaan. - Om portuurgroepdruk in heteroseksuele en homoseksuele verhoudings te kan hanteer.



<p>C. Onafhanklikheid</p> <ul style="list-style-type: none">- Om enkel te wees- Opgewassenheid- Verlowing- Troue- Geloof en huwelikseremonies- Moderne huwelike- Wettige ouderdom om in die huwelik te tree- Huwelike en die wet	<ul style="list-style-type: none">- Om die faktore te identifiseer wat die besluit om die ouerhuis te verlaat, beïnvloed.- Om die voor- en nadele van enkel wees te bespreek.- Om 'n studie te maak van huwelikseremonies en gewoontes van verskillende etniese groepe.- Om 'n bewustheid vir die wettige implikasies van die huwelik te ontwikkel.
<p>D. Huweliksverhouding</p> <ul style="list-style-type: none">- Redes vir in die huwelik tree- Fases in 'n verhouding- Faktore wat die sukses van 'n huwelik beïnvloed- Aanpassing by huwelikslewe: Kommunikasie Konflikoplossing Gesinsfinansies (inkomste en begroting) Verenigbaarheid	<ul style="list-style-type: none">- Om die redes waarom daar in die huwelik getree word, te verstaan.- Om bewus te wees van die fases waardeur 'n verhouding loop.- Om die metodes vir die oplossing van konflik in die huwelik te ken.- Om bewus te wees van die spesifieke take wat 'n pasgetroude paartjie moet vervul om 'n gesonde en bevredigende verhouding te hê.
<p>E. Uitdagings van die gesin</p> <ul style="list-style-type: none">- Rolle en verantwoordelikheid in die gesin- Veranderende rolle in die gesin- Gesinsgeweld Mishandeling van 'n huweliksmaat Kindermishandeling Regte van kinders	<ul style="list-style-type: none">- Om sommige van die potensiële probleme wat in die gesinslewe voorkom, te ondersoek.- Om bewus te wees van die gevolge en die aard van geweld in gesinne.- Om 'n studie te maak van tradisionele en moderne houdings teenoor egskeiding sowel as 'n studie van die wette



<ul style="list-style-type: none">- EgskeidingsFaktore wat tot egskeiding aanleiding geeWetlike implikasiesImpak op gesinsledeAanpassings- Opsioneel:WerkloosheidArmoede en kindersSiekte en ongeskiktheidVerslaafdheidSelfmoordSterfte	<p>wat met egskeiding verband hou.</p> <ul style="list-style-type: none">- Om die redes vir egskeiding en die impak daarvan op gesinslede te ondersoek.
<p>F. Ouerskap</p> <ul style="list-style-type: none">- Die besluit om kinders te hê- Vrugbaarheid/onvrugbaarheid- Voorbehoeding:MetodesEffekteRol in verhouding- SwangerskapFoetale ontwikkelingLiggaamsveranderingVersorging tydens swangerskap	<ul style="list-style-type: none">- Om redes te ondersoek waarom mense kinders wil hê.- Om die etiek en gevolge van voortplantingstegnologie te ondersoek.- Om die verskillende metodes van voorbehoeding te vergelyk vir egpare wat hulle gesinne beplan.- Om die ontwikkeling van die baba vanaf bevrugting tot geboorte te verstaan.- Om bewus te wees van die potensiële probleme wat werkende moeders met hul kinders kan ervaar. <p>(P.E.I.Department of Education 1997:12-21).</p>

4.2.2.13 Gevolgtrekkings

In die kurrikulum word aandag gegee aan verskeie aspekte met betrekking tot die persoonlike ontwikkeling van die leerders. Leerders se persoonlike lewe word verryk deur aandag te skenk aan temas soos selfrespek, respek teenoor ander, persoonlike gesondheid, -veiligheid en -misbruik, hantering van portuurgroepdruk, konflikhantering, persoonlikheidsontwikkeling, kommunikasievaardighede en verantwoordelike besluitneming. Die ontwikkeling van die geestelike lewe van die kind ontbreek in die program.

Die program maak leerders bewus van die multikulturaliteit van die samelewing. Leerders word geleer om respek en verdraagsaamheid te toon teenoor ander kulture se gesinstyle en waardesisteme. 'n Waardering vir die waardigheid en uniekheid van elke mens en elke kultuur word by leerders gekweek. Dit is interessant dat leerders se aandag ook gevestig word op die ooreenkomste tussen die verskillende kulture.

In die senior fase (Graad 8 tot 12) word pertinent aandag geskenk aan die voorbereiding van leerders vir uitgaan, (vaste verhouding), verlowing, gesinslewe en ouerskap. Die program gee aandag aan die verskeie fases wat 'n mens onder normale omstandighede vanaf vroeë adolessensie tot en met die huwelik en ouerskap deurloop. Besondere klem word gelê op die bevordering van leerders se begrip vir die verskillende rolle en verantwoordelikhede van gesinslede en ouerskap. Spesiale aandag word ook gegee aan die ontwikkeling van leerders se verhoudings binne en buite die gesin. Leerders word gelei om agting te hê vir die huwelik sowel as vir die gesin as basiese eenheid.

In die skool word daar besonder ag geslaan op die persoon van die opvoeder en ouerbetrokkenheid. Die Gesinsopvoedingsopvoeder word in diens opgelei en moet kundig, objektief, sensitief en diskreet wees.

Dit is duidelik dat skole in Prince Edward Island probleme rakende kindermishandeling, dwelmmisbruik, gesinsgeweld, egskeidings en selfs selfmoord wil voorkom.

4.2.3 GESINSOPVOEDING IN ALABAMA

1.2.3.1 Inleiding

Dit blyk dat Gesinsopvoeding slegs in Graad 7, 8, 9, 10, 11 en 12 aangebied word. In die literatuur word daar nie melding gemaak van Graad 1 tot 6 nie (Alabama State Department of Education 1997:1).

In die responsies wat ontvang is, word daar net melding gemaak van die doel met Gesinsopvoeding en die roosterindeling. Daar word nie melding gemaak van opvoedersopleiding en ouerbetrokkenheid nie en die voorgeskrewe programinhoud is relatief min.

1.2.3.2 Vasstelling van die kurrikulum

Die “Alabama State Department of Education” skryf die kernkurrikulum aan alle skole voor. Skole moet self die kernkurrikulum verbesonder om by die behoeftes van die leerders en die plaaslike gemeenskap te pas. Wanneer die kurrikulum verbesonder word, moet die kulturele diversiteit van die leerders in die skool in ag geneem word (Alabama State Department of Education 1997:2).

4.2.3.3 Benaming van programme

In Alabama kom Gesinsopvoeding onder die volgende benaminge voor:

- “Family and Consumer Sciences”. Laasgenoemde word in Graad 7, 8 en 9 aangebied (Alabama State of Education 1997:2).
- “Family Life”. Laasgenoemde word in Graad 10 tot 12 aangebied.
- “Character Education Program”. Die “Alabama State Department of Education” (1995:4) het skole sedert 1996 verplig om ’n karakteropvoedingsprogram as ’n hulpprogram van Gesinsopvoeding te implementeer. Hierdie program het die

ontwikkeling van positiewe karaktereienskappe by leerders ten doel en strewe ook om ouers te ondersteun met die opvoeding van hulle kinders in hierdie verband (Richardson 1995:Personal correspondence).

4.2.3.4 Roosterindeling

“Family and Consumer Sciences” en die “Family Life Program” is ’n verpligte vak in alle skole. Daar word voorgeskryf dat minstens 1 periode (50 minute) per week hiervoor ingeruim word (Alabama State Department of Education 1997(a):2, Fannin 1997: Personal correspondence).

Die beleid van die Departement van Onderwys bepaal dat ’n minimum van 10 minute per dag aan die “Character Education Program” toegestaan moet word. Die “Character Education Program” moet self deur die skool gekontroleer word en kan ook by verskillende vakke soos Engels, “Health Education” en “Home Economics” geïntegreer word.

4.2.3.5 Programinhoud van “Family and Consumer Sciences”

Die “Alabama State Department of Education” (1997:2) skryf die onderstaande kurrikulum vir Graad 7, 8 en 9 voor:

4.2.3.5a Doel met die program

“Family and Consumer Sciences” berei die leerders voor om

- verantwoordelike ouers en landsburgers te wees.
- om in gesinsbehoefte te voorsien en om die gesinslewe suksesvol te kan bestuur.
- eendag ’n gebalanseerde gesinslewe sowel as ’n beroepslewe te hê.
- bevoeg te wees vir pligte tuis en by die werk.
- verbruikershulpbronne en tegnologie te kan verstaan en te gebruik.
- krities en kreatief te dink.

- werksgeleenthede te ondersoek.
- die oorgang vanaf die skool na 'n beroep en vanaf die gesin na 'n beroep toereikend te kan maak.

4.2.3.5b Graad 7

Die leerders word voorberei vir 'n gelukkige gesinslewe. Loopbaanoriëntering word ook met leerders behandel.

4.2.3.5c Graad 8 en 9

Die leerders word voorberei vir 'n gelukkige gesinslewe. Kennis in verband met die eietydse tegnologie word ook aan leerders geleer.

4.2.3.6 Programinhoud van “Family Life”

In Graad 10 tot 12 word die onderstaande temas behandel (Alabama State Department of Education 1997:3):

- Die gesin as verbruikerseenheid.
- Ouerskap.
- Voedselwetenskap.
- Verbruikershulpbronnebestuur.
- Die gesin en opvoeding van kinders.
- Behuising en binnenshuisversiering.
- Voedsel, voeding en welstand.

4.2.3.7 Programinhoud van die “Character Education Program”

Die volgende karaktereienskappe word in hierdie program nagestreef (Alabama State Department of Education 1997:10):

selfbeheer	regverdigheid	sportmanskap
opgewektheid	vrygewigheid	verdraagsaamheid

burgerskap	skoonheid	ontferming
samewerking	manhaftigheid	hoflikheid
kreatiwiteit	ywerigheid	eerlikheid
vriendelikheid	goedhartigheid	lojaliteit
geduld	patriotisme	uithouvermoë
stiptelikheid	selfrespek	respek
respek vir ander	respek vir die omgewing	skooltrots
trots		

4.2.3.8 Gevolgtrekkings

Die leerinhoud is gerig op die ontwikkeling van die kind se persoonlike lewe, sy onmiddellike gesinslewe, sy eie gesinslewe in die toekoms asook op sy toekomstige beroepslewe. Die belangrikheid van beide die gesins- en die beroepslewe sowel as die noodsaaklikheid van 'n gebalanseerde gesins- en beroepslewe, word beklemtoon. Die kind word ook voorberei om die eietydse tendense te kan hanteer, byvoorbeeld die invloed van tegnologie op die gesin, die gesin as verbruikerseenheid en voedselwetenskap.

In Graad 10 tot 12 word die kind voorberei vir ouerskap en huisbestuur. Aandag word gegee aan die pligte van ouers soos die opvoeding, versorging en voeding van kinders. In die "Character Education Program" word pertinent aandag geskenk aan die ontwikkeling van die kind se karakter. Dit is duidelik dat die kind in hierdie program voorberei word vir die aanknoop van beter sosiale verhoudinge asook vir beter verhoudings in sy onmiddellike gesinslewe en in sy eie gesinslewe eendag in die toekoms.

5. GESINSOPVOEDING IN DENEMARKE

5.1 Inleiding

In die literatuur wat ontvang is, word slegs melding gemaak van die benaming van die program en die doel met Gesinsopvoeding. Inligting rakende die roosterindeling, ouerbetrokkenheid en opvoedersopleiding ontbreek en die programinhoud wat aan skole voorsien word, is min. Dit wil voorkom asof opvoeders self die programinhoud moet verbesonder.

5.2 Vasstelling van die kurrikulum

Die Ministerie van Onderwys in Denemarke verskaf riglyne vir die kurrikuluminhoud aan skole. By die implementering van die inhoud is dit die prerogatief van die skoolhoof, opvoeder en skoolbeheerraad (ouerkomitee) om die sillabus aan te pas by die behoeftes van die leerders en die gemeenskap. Volgens die “Danish Ministry of Education” (1997(a):2) word die kurrikulumriglyne slegs as aanbevelings vir skole beskou: “The Ministry of Education publishes curriculum guidelines, but these are seen purely as recommendations and as such are not mandatory for local school administrators. Schools are permitted to draw up their own curricula as long as they are in accordance with the aims and proficiency areas laid down by the Minister of Education.”

5.3 Doelstellings

Die doel met Gesinsopvoeding in Denemarke is om leerders op te voed om

- insig te kry oor die verantwoordelikhede, voorwaardes en waardes wat belangrik is vir ’n stabiele gesinslewe, seksualiteit en gesondheid.
- kennis te verwerf oor die belangrikheid van gesinslewe en gesondheid (Danish Ministry of Education 1997b:62).

5.4 Benaming van die Programme

In Denemarke vorm Gesinsopvoeding 'n geïntegreerde deel van 'n verpligte vak naamlik “Health and Sex Education and Family Knowledge” (Danish Ministry of Education 1996:8,9, Danish Ministry of Education 1997a:2,3, Harbild 1997:Personal correspondence).

5.5 Programinhoud van “Health and Sex Education and Family Knowledge”

Die volgende programinhoud word aan skole voorgeskryf (Danish Ministry of Education 1997b:63):

- Die belangrikheid van die voorwaardes vir 'n gesonde lewe en 'n goeie gesinslewe.
- Die belangrikheid van 'n gesonde leefstyl en gesinslewe.
- Fisiese en sielkundige aspekte van menslike gesondheid.
- Gesondheid en gesinslewe vanuit 'n historiese, multikulturele en internasionale perspektief.
- Die belangrikheid van die gesin as 'n vertrekpunt vir die aanleer van waardes en verantwoordelikhede.
- Die belangrikheid van liefde vir die gesinslewe.
- Die invloed van die media op die gesinslewe en gesondheid.

5.6 Gevolgtrekkings

In die kurrikulum word leerders opgevoed om die verantwoordelikhede en vereistes wat verband hou met 'n gesonde leefstyl en stabiele gesinslewe te internaliseer.

Leerders word voorberei om die invloed van die eietydse samelewing te besef en te kan hanteer, byvoorbeeld die invloed van die media op die gesinslewe. Hiermee saam word die aanleer van waardes in die leerinhoud genoem.

Dit is opmerklik dat 'n multikulturele benadering in die aanbieding van die leerinhoud gevolg word. Leerders word geleer van die gesinslewe van ander kulture. Hierdeur word 'n begrip vir die uniekheid en waardigheid van ander kulture by leerders tuisgebring.

Dit wil voorkom asof daar weens die beperkte leerinhoude belangrike temas in die kurrikulum ontbreek, byvoorbeeld konflikhantering, egskeiding, kommunikasie in die gesin en kindermishandeling wat in die Suid-Afrikaanse konteks van groot belang geag word, kom nie in die kurrikulum voor nie.

6. GESINSOPVOEDING IN NIEU-SEELAND

6.1 Inleiding

Die kurrikulum wat vir skole in Nieu-Seeland voorgeskryf word, is ingedeel volgens die ontwikkelingsfases van die kind (Junior Primêr, Middel Primêr, Senior Primêr, Junior Sekondêr en Senior Sekondêr). Aandag word geskenk aan die doelstellings, roosterindeling, houdings en waardes, die rol van die skool, die opvoeder en die ouer. Laasgenoemde punte sal vervolgens bespreek word.

6.2 Vastelling van die kurrikulum

Alle skole in Nieu-Seeland volg die kurrikulum wat deur die Ministerie van Onderwys voorgeskryf word. Skole kan die kurrikuluminhoud volgens die behoeftes van die leerders en die betrokke gemeenskap aanpas (New Zealand Ministry of Education 1994:23). Wanneer opvoeders 'n bepaalde tema voorberei, moet voorbeelde van die verskillende kulture in Nieu-Seeland in die inhoud ingesluit word. Opvoeders moet die perspektiewe en waardes van alle kulture in ag neem (New Zealand Ministry of Education 1994:6).

6.3 Benaming van die program

Gesinsopvoeding vorm 'n geïntegreerde deel van Gesondheidsopvoeding (“Health Education”). Hierdie deel van Gesondheidsopvoeding staan bekend as “Family Education” (Hunt 1997:Personal correspondence).

6.4 Doelstellings

Die doel met “Family Education” is om

- die rol van waardes in die bevordering van 'n positiewe gesinslewe te besef.
- vaardighede by leerders te ontwikkel wat verhoudings in die gesin en met tydgenote sal bevorder.
- leerders voor te berei om veranderinge in die gesin (byvoorbeeld sterfte, egskeiding) te kan hanteer.
- 'n positiewe selfbeeld by leerders te ontwikkel.
- by leerders 'n sin van verantwoordelikheid teenoor die eie lewe en gesondheid te ontwikkel.
- leerders bewus te maak van die eie gesondheidsbehoefte en te leer om besorgd te wees oor die gesondheidsbehoefte van die gesin en die breë gemeenskap.
- by leerders demokratiese waardes te ontwikkel (New Zealand Ministry of Education 1994:4,19).

6.5 Roosterindeling

Die “New Zealand Ministry of Education” (1994:14) skryf voor dat Gesondheidsopvoeding (waarvan “Family Education” 'n geïntegreerde deel vorm) vir 2 periodes (40 minute elk) per week aangebied moet word.

6.6 Ontwikkeling van 'n effektiewe “Family Education” program

Die onderstaande rolspelers kan 'n belangrike bydrae lewer tot die effektiwiteit van die “Family Education” program (New Zealand Ministry of Education 1994:8).

6.6.1 Rol van die skool

“Family Education” in 'n skool kan effektief wees indien

- die skool die belangrikheid van “Family Education” beklemtoon.
- leerinhoud deeglik beplan en gemonitor word.
- goeie verhoudings bevorder en verantwoordelikhede gedeel word.
- die bydrae van alle kulture in die gemeenskap saamgevat word om die leerinhoud te verryk.
- alle personele betrek word by die identifisering van behoeftes, bepaling van prioriteite en die beplanning van die leerinhoud.
- voorsiening gemaak word vir indiensopleiding van opvoeders.
- goeie bronne gebruik word wat vir almal toeganklik is.
- noue kontak met hulpbronne en organisasies in die gemeenskap aangemoedig word (New Zealand Ministry of Education 1994:8).

6.6.2 Rol van die opvoeder

“Family Education” kan meer effektief wees indien die opvoeder

- “Family Education” by verskeie geleenthede bevorder.
- tred hou met die moderne veranderinge en sensitief is vir die waardes en behoeftes van die verskillende kulture wat in die klas verteenwoordig word.
- kontak maak met die ouers om hulle te betrek by die beplanning van “Family Education”.
- die kennis, vaardighede en houdings waarvoor leerders reeds beskik, identifiseer en daarop voortbou.

- leerders in staat stel om deel te hê aan die beplanning van die program om te verseker dat bronne en aktiwiteite met mekaar verband hou.
- 'n program ontwikkel wat sensitief is vir die behoeftes van elke student en die gesinne wat in die klas verteenwoordig word (New Zealand Ministry of Education 1994:9).

6.6.3 Rol van ouers

Indien “Family Education” aan die plaaslike gesinne se behoeftes moet voldoen en die opvoeding in die ouerhuis moet aanvul, is die ondersteuning van die ouers noodsaaklik. Ouers moet 'n effektiewe rol speel in (New Zealand Ministry of Education 1994:10)

- die identifisering van behoeftes.
- die bepaling van doelstellings vir “Family Education”.
- die voorstelling van gemeenskapshulpbronne wat gebruik mag word.
- terugvoering aan opvoeders oor die effektiwiteit van die program.
- die medeling van enige spesiale kennis en vaardighede wat relevant is vir “Family Education”.

6.7 Houdings en waardes

Die bevordering van positiewe houdings en die aanleer van waardes vorm 'n belangrike geïntegreerde deel in die aanbieding van “Family Education” (New Zealand Ministry of Education 1994:21). Die “New Zealand Ministry of Education” (1994:21) omskryf houdings soos volg: “Attitudes consist of the feelings or dispositions towards things, ideas or people which incline a person to certain types of action.” Opvoedersverwagtinge, ondersteuning deur ouers en die motivering van studente is betekenisvolle faktore wat leerders se houdings beïnvloed. Die skoolkurrikulum behoort nie net positiewe houdings by leerders in “Family Education” nie, maar in alle vakke aan te moedig (New Zealand Ministry of Education 1994:21).

Die “New Zealand Ministry of Education” (1994:21) onskryf waardes soos volg: “Values are internalised sets of beliefs or principles of behaviour held by individuals or

groups. They are expressed in the ways in which people think and act. No schooling is value-free.” Universele waardes wat die Nieu-Seelandse demokratiese samelewing ondersteun, is eerlikheid, betroubaarheid, respek vir ander, respek vir die gereg, verdraagsaamheid, regverdigheid, besorgdheid, nie-seksisme en nie-rassisme. Die “New Zealand Ministry of Education” (1994:21) meld verder soos volg in hierdie verband: “The school curriculum will help students to develop and clarify their own values and beliefs, and to respect and be sensitive to the rights of families, individuals and groups who hold values and attitudes which are different from their own.”

6.8 Programinhoud van “Family Education”

Die volgende temas word in “Family Education” behandel (New Zealand Ministry of Education 1994:16):

- Verhoudings binne en buite die gesin.
- Bou van ’n positiewe selfbeeld.
- Dwelmopvoeding.
- Persoonlike veiligheid.
- Gemeenskapshulpbronne.

As voorbeeld sal slegs ’n bespreking gegee word van “Verhoudings in die gesin”, “Bou van ’n positiewe selfbeeld” en “Gemeenskapshulpbronne”.

6.8.1 Verhoudings in die gesin en met ander (New Zealand Ministry of Education 1994:18,19)

In die verskillende klasgroepe is die onderstaande onderwerpe behandel:

6.8.1.1 Junior Primêr

Verhoudings in die gesin en met vriende:

- Maak vriende met ander.
- Samewerking in die gesin en by die skool.
- Kommunikeer met mense van verskillende kulture en gesinsagtergronde.
- Leer om konflik te hanteer.

6.8.1.2 Middel Primêr

Eie en ander se behoeftes:

- Neem ander gesinslede se behoeftes in ag.
- Neem mense met spesiale behoeftes in ag.
- Aanvaar verskillende tradisies, agtergronde en kulture.
- Leer om veranderinge in verhoudings soos vriendskappe, egskeiding en verlies te hanteer.
- Leer om probleme en konflik in die gesin te hanteer.

6.8.1.3 Senior Primêr

Vaardighede om verhoudings te bevorder:

- Kommunikasievaardighede.
- Konstruktiewe hantering van kritiek.
- Handhawing van verhoudings in die gesin.
- Hantering van veranderinge in die gesin.
- Hantering van teleurstellings, egskeidings en verliese in die gesin.
- Kenmerke van goeie vriendskap.
- Handhawing van goeie vriendskappe.
- Basiese reëls vir goeie verhoudings.
- Tipes verhoudings (ouer-kind, seun-dogter, leerling-onderwyser).

6.8.1.4 Junior Sekondêr

Invloed van verhoudings op die individu:

- Leer om eie gevoelens te hanteer.
- Neem verantwoordelikheid in verhoudings.
- Besluitnemingsvaardighede.
- Begryp hoe verwagtinge gedrag beïnvloed.

6.8.1.5 Senior Sekondêr

Selfvertroue en sosiale vaardighede in verskeie situasies:

- Hanteer konflik op konstruktiewe wyse.
- Aanvaar verantwoordelikheid vir toenemende onafhanklikheid.
- Veranderinge in die gesin.
- Die gesin se aanpassing en bestuur van veranderinge.
- Knoop verhoudings aan met mense van verskillende agtergronde.

6.8.2 Die bou van 'n positiewe selfbeeld

Die volgende onderwerpe word in die verskillende fases van die kind in die skool behandel (New Zealand Ministry of Education 1994:20):

6.8.2.1 Junior Primêr

Inligting omtrent die self:

- Eie gevoel.
- Waarin presteer die individu: talente en vermoëns.
- Met watter probleme word hulp benodig?

6.8.2.2 Middel Primêr

Bewuswording van ooreenkomste en verskille met ander ten opsigte van die volgende:

- Voorkoms.
- Aksies.
- Gevoelens.
- Beperking.
- Kulturele identiteit.

6.8.2.3 Senior Primêr

Aanvaarding van individuele verskille en die verwerwing van selfvertroue in nuwe situasies:

- Fisiese groei en verandering tydens puberteit.
- Gevoelens en stemminge.
- Maniere waarop situasies gevoelens affekteer.

6.8.2.4 Junior Sekondêr

Begrip vir eie ontwikkeling en aanvaarding van individualiteit:

- Begryp fisiese veranderinge.
- Hantering van veranderinge in gevoelens.
- Erken sukses en aanvaar sterk punte.

6.8.2.5 Senior Sekondêr

Begrip vir die rolle van 'n volwassene:

- Houdings en waardes (hoe dit ontwikkel en hoe dit die individu se doen en late beïnvloed).



- Verandering in rolle en verantwoordelikheid.
- Keuses en besluite.
- Doelstellings en beplanning vir die toekoms.

6.8.3 Gemeenskapshulpbronne

Die volgende onderwerpe word in die verskillende fases van die kind in die skool behandel (New Zealand Ministry of Education 1994:21-22):

6.8.3.1 Junior Primêr

Kontak in tye van nood:

- Dokter.
- Gesondheidskliniek, hospitaal.
- Welsynwerker.
- Polisie, verkeersafdeling, brandweer.

6.8.3.2 Middel Primêr

Gemeenskapsdienste wat met die instandhouding van gesondheid verband hou:

- Organisasies.
- Gemeenskapsentrum.
- Kultuurgroepe en plaaslike aktiwiteite.
- Bronne van informasie (koerant of kennisgewingbord).

6.8.3.3 Senior Primêr

Gemeenskapsdienste vir gesinne:

- Ondersteuningsgroepe in die gemeenskap.
- Watter dienste ondersteuningsgroepe aanbied.

- Hoe om in verbinding met ondersteuningsgroepe te kom.
- Hoe die individu die groepe kan help.

6.8.3.4 Junior Sekondêr

Gemeenskapsgroepe vir persoonlike hulp:

- Buurtwaggroepe, adviessentrums.
- Kerkgroepe, jeuggroepe.
- Skoolkomitees, gesondheidsklinieke, kinderlyn.
- Beroepsvoorligtingsdienste, Departement van Gesondheid, kinderhuise.

6.8.3.5 Senior Sekondêr

Organisasies wat effektief gebruik kan word:

- Beroepsvoorligtingsdienste, Departement van Arbeid.
- Organisasies vir spesiale hulp (alkohol- en dwelmklinieke).
- Welsynsorganisasies.

6.8.4 Dwelmopvoeding

- Gevaar van dwelms vir gesondheid (alkohol, tabak, misbruik van medikasie).
- Dwelmmisbruik en die gevolge daarvan op die gesin.
- Dwelms en gesondheid.
- Gemeenskapshulpbronne wat hulp kan verleen.

6.9 Gevolgtrekkings

In die kurrikulum word in elke fase van die kind gefokus op die ontwikkeling van kennis en vaardighede om positiewe verhoudings sowel binne as buite die gesin aan te knoop. Leerders word voorberei om met ander saam te werk en te leef, verantwoordelikheid in verhoudings te aanvaar en die eie en ander se gevoelens en

behoefte in ag te neem. Daar word ook aangedui dat daar in die verhoudingstigting aandag geskenk word aan die aanleer van vaardighede soos sosiale vaardighede, kommunikasievaardighede en vaardighede in die hantering van konflik en veranderinge in die gesin. Hiermee saam geniet die aanleer van waardes aandag.

In die leerinhoud word ook aandag geskenk aan die verryking van die kind se persoonlike lewe deur aandag te skenk aan die bou van 'n positiewe selfbeeld. Selfvertroue en 'n gevoel van eie waarde word by die kind ontwikkel deur temas soos die volgende te bespreek: die hantering van eie gevoelens en die erkenning van eie talente en vermoëns.

Dit is opmerklik dat 'n multikulturele benadering in die aanbieding beklemtoon word. Leerders word geleer van die tradisies en agtergronde van ander kulture. Opvoeders word voorberei om sensitief te wees vir die waardes en behoeftes van die verskillende kulture wat in die klas verteenwoordig word.

Dit wil voorkom asof geen aandag aan belangrike temas soos die huwelik en ouerskap geskenk word nie.

7. GESINSOPVOEDING IN DIE VERENIGDE KONINKRYK

7.1 Inleiding

Die kurrikulum vir Gesinsopvoeding in die Verenigde Koninkryk word ingedeel in verskillende fases. In die Suid-Afrikaanse konteks verteenwoordig Fase 1 - Graad 1, Fase 2 - Graad 2 tot 6, Fase 3 - Graad 7 tot 9 en Fase 4 - Graad 10 tot 12.

In die literatuur word daar nie melding gemaak van opvoedersopleiding nie. Daar word slegs melding gemaak van die benaming van die program, die doelstellings, die roosterindeling, die onderliggende waardes aan die hand waarvan die inhoud aangebied word en die programinhoud. In die bespreking wat volg sal daar op die laasgenoemde vyf punte gefokus word.

7.2 Vasstelling van die kurrikulum

Die “School Curriculum and Assessment Authority” (hierna genoem SCAA) van die Onderwysdepartement, voorsien die kurrikulum aan skole. Skole kan die kurrikulum aanpas by die behoeftes van die leerders en die plaaslike gemeenskap: “Assessment authority for the national curriculum does not constitute the whole curriculum for schools. Schools have discretion to develop the whole curriculum to reflect their particular needs and circumstances” (SCAA 1996:1, Jones 1997:Personal correspondence).

Die skoolhoof, die opvoeders en die ouers is saam verantwoordelik vir die verbesondering van die leerinhoud. Die wyse van aanbieding is die prerogatief van die opvoeder. “It is for the school to decide how and in what depth to teach the material. No methodology is implied; it is a matter for teachers’ professional judgement to describe the most effective and efficient way of teaching the national curriculum” (SCAA & Curriculum and Assessment Authority for Wales 1996:9).

Daar is 163 onderwysdistrikte in Engeland en Wallis wat toesig hou oor die uitvoering van die implementering van die kurrikulum. Elke plaaslike owerheid beskik oor ’n “Health Education Co-ordinator” (hierna genoem HEC) wat aan skole advies gee oor die benadering wat gevolg moet word in die interpretasie van die nasionale kurrikulum (Morris 1997:Personal correspondence).

7.3 Benaming van programme

Gesinsopvoeding word nie as ’n selfstandige vak aangebied nie, maar wel as ’n geïntegreerde deel van Gesondheidsopvoeding. Hierdie onderdeel van Gesondheidsopvoeding staan bekend as “Family Life Education” (Morris 1997:Personal correspondence).

7.4 Doelstellings

Die doel met “Family Life Education” is om ’n waardering by leerders te ontwikkel vir die sentrale rol van die gesin as ’n maatskaplike instelling asook vir die belangrike rol wat die gesin speel in die bevordering van liefde en koestering van gesinslede. “Family Life Education” is ook gerig op die voorbereiding van leerders vir effektiewe ouerskap sowel as vir die versorging van kinders en die bevordering van verhoudings (National Curriculum Council 1990:4).

Skole het ook die verantwoordelikheid om ’n wye en gebalanseerde kurrikulum saam te stel wat

- die geestelike, morele, kulturele, verstandelike en fisiese ontwikkeling van die leerders bevorder.
- leerders sal voorberei vir die geleenthede wat die volwasse lewe bied asook die verantwoordelikhede van ’n eie gesinslewe (National Curriculum Council, 1990:4).

7.5 Roosterindeling

Die meeste sekondêre skole voorsien een keer per week ’n les van 40 minute in “Personal and Social Education”. Gesondheidsopvoeding, waarvan “Family Life Education” ’n geïntegreerde deel is, word 2 keer per week vir ongeveer 40 minute elk aangebied (Morris 1997:Personal correspondence).

7.6 Waardes

In 1996 het die Minister van Onderwys opdrag aan die SCAA gegee om ’n opgawe van relevante waardes saam te stel. Die doel hiervoor was om leerders se geestelike, morele, sosiale en kulturele ontwikkeling te bevorder. Om die taak uit te voer, het die SCAA ’n spesiale komitee, die “National Forum for Values in Education and the Community”, saamgestel wat waardes geformuleer en beskryf het wat die leerinhoud

moet onderlê en aan die eise van die gemeenskap voldoen. Die waardes is soos volg (SCAA 1996:1-3):

7.6.1 Die “self”

Leerders moet ’n agting ontwikkel vir hulself as unieke wesens wat in staat is tot optimale geestelike, morele, intellektuele en fisiese groei.

Op grond van die bogenoemde beginsel moet leerders

- ’n begrip vir die eie karakter sowel as ’n begrip vir die eie sterk en swak punte ontwikkel.
- selfrespek en selfdisipline ontwikkel.
- duidelikheid kry oor die betekenis en doel van die lewe en op grond daarvan besluit hoe die eie lewe behoort te wees.
- leer om talente, regte en geleenthede met verantwoordelikheid te gebruik.
- gemotiveer word om te strew na kennis, wysheid en begrip.
- leer om verantwoordelikheid vir hulle eie lewens te neem.

7.6.2 Verhoudings

Verhoudings in die gesin moet as fundamenteel geag word vir die ontwikkeling en vervulling van die self sowel as die ander gesinslede.

Op grond van die bogenoemde beginsel moet leerders leer

- om ander mense, insluitend kinders te respekteer.
- om vir ander mense om te gee en goedgesindheid te openbaar.
- hoe om aan ander mense te wys dat hulle waardeer word.
- dat lojaliteit, vertrouwe en betroubaarheid verdien moet word.
- hoe om koöperatief met ander saam te kan werk.
- dat die privaatheid en eiendom van ander gerespekteer moet word.
- hoe om ’n dispuut vreedsaam te kan oplos (SCAA 1996:1).

7.6.3 Die gemeenskap

Leerders moet leer om die waarheid na te soek, vryheid reg te gebruik, regverdig te wees, die geregtelike te gehoorsaam en kollektiewe samewerking te gee om 'n gemeenskaplike doel te verwesenlik. Gesinne moet geag word as bronne van liefde en ondersteuning aan alle gesinslede en as die basis van 'n gemeenskap waarin mense vir mekaar omgee.

Op grond van die bogenoemde beginsel moet leerders

- geleer word om hulle verantwoordelikheid as burgers te begryp en gemotiveer word om hulle verantwoordelikheid na te kom.
- geleer word om hulle te weerhou van enige gedrag wat tot nadeel van hulself en die gemeenskap kan wees.
- gemotiveer word om ouers in die opvoeding en versorging van kinders te ondersteun.
- geleer word dat liefde 'n vereiste is vir 'n beskermende en gelukkige kinderlewe en dat dit 'n kenmerk van enige tipe gesin moet wees (enkelouergesin, ensovoorts).
- geleer word dat die wette van die geregtelike respekteer moet word en dat ander ook daartoe gemotiveer moet word.
- geleer word om ander te ondersteun wat nie alleen 'n waardige lewenstyl kan handhaaf nie.
- geleer word om die waarheid, integriteit, eerlikheid en goedgesindheid as 'n prioriteit in die persoonlike asook in die gemeenskapslewe na te streef (SCAA 1996:23).

7.7 Programinhoud van “Family Life Education”

Die leerinhoud vir “Family Life Education” word soos volg voorgeskryf:

7.7.1 Fase 1 (5 tot 7 jaar)

In hierdie fase word die volgende leerinhoude voorgeskryf (National Curriculum Council 1990:12):

- Belangrikheid van die gesin.
- Gesinstipes.
- Rolle en verantwoordelikhede van elke gesinslid.
- Funksies van die gesin.
- Dwelmgebruik.

7.7.2 Fase 2 (7 tot 11 jaar)

In hierdie fase word die volgende leerinhoude voorgeskryf (National Curriculum Council 1990:14):

- Verhoudings in die gesin, met vriende en in die gemeenskap.
- Besorgdheid teenoor gesinslede.
- Verskille in betrokkenheid met verhoudings tussen gesinslede, vriende en vreemdelinge.
- Samewerking in die gesin.
- Groei en ontwikkeling van kinders.
- Verskille in opvoedingstyle.
- Belangrikheid van goeie ouerskap.
- Verandering in die gesin.
- Kindermishandeling.
- Gemeenskapshulpbronne
- Dwelmmisbruik.

7.7.3 Fase 3 (11 tot 14 jaar)

Die volgende leerinhoude word in hierdie fase voorgeskryf (National Curriculum Council 1990:16):

- Rol van die gesin in die bevordering van liefde en besorgdheid.
- Verhoudings in die gesin.
- Algemene gesondheidsorg van kinders.
- Beplanning van 'n gesin.
- Rolle van ouers voor en na die geboorte van 'n baba.
- Rolle en verantwoordelikhede in die gesin.
- Kindermolestering.
- Verandering in die gesin.
- Dwelmmisbruik.

7.7.4 Fase 4 (14 tot 16 jaar)

Die volgende leerinhoud word in hierdie fase voorgeskryf (National Curriculum Council 1990:18):

- Huwelik en ouerskap.
- Funksies van die gesin.
- Verhoudings in die gesin.
- Faktore wat die geluk in die gesin beïnvloed.
- Positiewe selfbeeld.
- Selfrespek en selfvertroue.
- Verantwoordelike besluitneming.
- Gesinsprobleme: geweld, mishandeling, afsterwe, dwelmgebruik, werkloosheid, egskeiding.
- Invloed van tegnologie op die gesin.
- Veranderinge in die gesin (byvoorbeeld rolverandering, verandering in geval van verlies).
- Toenemende onafhanklikheid.

7.8 Gevolgtrekkings

Dit is opmerklik dat die oorkoepelende doelstelling soos geformuleer in paragraaf 6.4 in die inhoud wat vir elke fase voorgeskryf word, gereflekteer word. Daar word

deurlopend aandag geskenk aan die bevordering van die kwaliteit van die gesinslewe deurdat temas soos die belangrikheid van die gesin, die funksies van die gesin, die rol en funksie van elke gesinslid en liefde en verantwoordelikheid teenoor gesinslede in te sluit. Daar word prominent ook aandag geskenk aan die bevordering van positiewe verhoudinge binne en buite die gesin. Leerders word ook voorberei vir ouerskap deur aandag te skenk aan die rol en verantwoordelikheid van die ouers en die versorging van kinders.

In die leerinhoud word aandag geskenk aan die intellektuele, morele, emosionele, sosiale en fisiese ontwikkeling van die kind. Leerders se persoonlike lewe word verryk deur die ontwikkeling en bevordering van 'n positiewe selfbeeld en die aanleer van waardes soos selfrespek, respek vir ander, eerlikheid en lojaliteit. Die aanleer van vaardighede soos verantwoordelike besluitneming en kommunikasie geniet ook aandag.

Leerders word verder voorberei vir die hantering van gesinsprobleme soos egskeding, geweld, mishandeling, dwelmgebruik, werkloosheid en veranderinge in die gesin. In die Senior Fase word aandag geskenk aan die voorbereiding van leerlinge vir die eise van die moderne tyd deurdat die invloed van die tegnologie op die gesin behandel word.

8. GESINSOPVOEDING IN NIGERIË

Gesinsopvoeding word nie in skole in Nigerië aangebied nie. 'n Geslagsopvoedingsprogram word wel aangebied wat fokus op die voorkoming van ongewenste swangerskappe, die oordra van geslagsiektes, onwettige aborsies en afwykende seksuele gedrag (Owuamanam 1997:54-59).

9. GESINSOPVOEDING IN UGANDA

Gesinsopvoeding word nie as 'n selfstandige program in Ugandese skole aangebied nie, maar wel as 'n onderafdeling van die program "Health Education". ('n Voorbeeld van die afdeling oor opvoeding vir gesinslewe word as bylae 2 ingebind). Onderwerpe

wat verband hou met Gesinsopvoeding is: gesinstipes, my gesin, verhoudings in die gesin, die huwelik en gesinsbeplanning. Ander onderwerpe wat aangespreek word, is VIGS-voorkoming, menslike voortplanting, alkoholmisbruik, noodhulp, menslike funksionering, die gevare verbonde aan rook, toiletgebruik, die werking van die oë en vel, voorkoming van diarree en ander siektes, suiwering van water (Ministry of Education of Uganda 1998:59-66).

10. GESINSOPVOEDING IN ZIMBABWE

Gesinsopvoeding word nie in die skole van Zimbabwe as 'n selfstandige program aangebied nie, maar kom op primêre skoolvlak geïntegreerd voor in vakke soos Sosiale Studies en Huishoudkunde. Op sekondêre skoolvlak kom Gesinsopvoeding geïntegreerd voor in vakke soos "Education for Living" en "Home Management" (Matimati 1999:1).

11. KENYA

Gesinsopvoeding word nie as 'n selfstandige vak in die skole van Kenya aangebied nie. Dit kom wel geïntegreerd in ander skoolvakke voor. Die name van hierdie skoolvakke is nie in die korrespondensie genoem nie (Mwakima 1999:Personal correspondence).

12. ALGEHELE GEVOLGTREKKING

Navorsing het getoon dat die meeste lande wat bestudeer is op die intellektuele, fisiese, emosionele en sosiale ontwikkeling van die kind fokus. Hoewel daar aan 'n verskeidenheid aspekte in hierdie verband aandag gegee word, is dit opmerklik dat die ontwikkeling en verdieping van die geestelike lewe van die kind dikwels minder aandag geniet.

In die literatuur word daar deurlopend by al die lande melding gemaak van leerinhoud wat gemik is op verryking van die kind se onmiddellike gesinslewe en sy eie gesinslewe eendag in die toekoms. In Michigan en Alabama word Gesinsopvoeding nie net gesien as voorbereiding van die kind vir die gesinslewe nie, maar ook vir die beroepslewe. In

laasgenoemde state word leerders ook voorberei vir die invloed van die vooruitgang en ontwikkeling van die tegnologie op die gesin.

Dit is opvallend dat aandag veral geskenk word aan die verryking van die kind se persoonlike lewe deurdat aandag gegee word aan die aanleer van vaardighede soos verantwoordelike besluitneming, bevraagtekening, kommunikasie, konflikhantering en die ontwikkeling van positiewe sosiale interaksies en verhoudings. In Prince Edward Island (Kanada), Nieu-Seeland, Engeland en die staat Alabama (Kanada) word pertinent aandag geskenk aan die bevordering van die kind se selfkennis en sy selfbeeld asook sy verantwoordelikheid, nie alleen teenoor homself nie maar ook sy verantwoordelikheid teenoor ander.

In die literatuur wil dit voorkom asof daar aandag geskenk word aan gemeenskaplike gesins- en gesondheidsprobleme (byvoorbeeld HIV/VIGS).